

# Die Derde Tempel

Ds André van den Berg

## INHOUD

### Inleiding

### Bladsy

#### HOOFSTUK 1 DIE STAAT ISRAEL

8

1. Die ontstaan
2. Jerusalem in die spervuur
3. Die Sisdagoorlog
  - 3.1 'n Onafwendbare oorlog
  - 3.2 'n Onbesonne flater
4. 'n Uitgemaakte saak

#### HOOFSTUK 2 DIE TEMPELBERG

15

1. Die ligging
2. Die vroeë geskiedenis
  - 2.1 Die stad van Dawid
  - 2.2 Die ballingskappe

- 2.3 Die Perse
- 2.4 Die Grieke
- 2.5 Die Romeine
- 2.6 Die Christendom
- 2.7 Die Islamiete
- 2.8 Die kruisvaarders
- 2.9 Die Ottomane

#### HOOFSTUK 3 DIE TEMPELS

25

1. Die eerste tempel
  - 1.1 Die tabernakel
  - 1.2 Die boumateriaal
  - 1.3 Die bouplan
  - 1.4 Ingenieursvernuf
  - 1.5 Ondergrondse strukture
2. Die tweede tempel
3. Die derde tempel
  - 3.1 Die belofte
  - 3.2 Op die ou fondamente
4. Die Islamitiese tempel
5. Die Palestynse ontkenning

#### HOOFSTUK 4 TEMPELVOORWERPE

39

1. Die opdrag
2. Koemran
  - 2.1 Die Koperrol
  - 2.2 Die Esegïel-teëls
3. Die ashouer
4. Die salwingsolie
5. Dalk in Jerusalem?
6. Die goue kandelaar

**HOOFSTUK 5 DIE VERBONDSARK 48**

1. Die allerheiligste voorwerp
2. 'n Uitsonderlike kunswerk
3. In Jerusalem of Ethiopië?
  - 3.1 Jerusalem
  - 3.2 Ethiopië
    - 3.2.1 Omgeruil
    - 3.2.2 Die Maria van Sion kerk
  - 3.3 Die geheime sending

**HOOFSTUK 6 DIE ANTICHRIS 57**

1. 'n Werklike persoon
2. Antiochus IV
3. Die gruwel
4. Vroeë menings
5. Van korte duur
6. Die wederkoms

**HOOFSTUK 7 DINGE GEBEUR 65**

1. Die Sanhedrin
  - 1.1 'n Woestynraad
  - 1.2 Die nuwe Sanhedrin
2. Nuwe priesters
  - 2.1 Opleiding
  - 2.2 Hoëpriesterdrag
3. Die as van die rooi koei
4. Gereed om te offer
5. Die Tempelgetrouheidsbeweging (TGB)

**HOOFSTUK 8 TEENSTAND 73**

1. Godsdienverskille
  - 1.1 Onderlinge verskille
  - 1.2 Die TGB siening
  - 1.3 Die Hervormde siening
  - 1.4 'n New Age siening
2. Politieke verdeeltheid
  - 2.1 'n Ghetto lewenshouding
  - 2.2 Toegewings
3. 'n Bose plan
4. 'n Vyandige Amerika
5. God se hand
6. Palestynse bedrog

**HOOFSTUK 9 DIE GOG-MAGOG OORLOG 84**

1. 'n Beslissende slag
2. Ontwrigting
3. Haat
4. Esegïel se gesig
  - 4.1 Die sameswering
  - 4.2 'n Profetiese posseël
  - 4.3 Lignostone
  - 4.4 'n Goddelike ingrype
  - 4.5 Vrede ten alle koste

**HOOFSTUK 10 DIE ROOMSE GEVAAR 89**

1. Die beheer van Jerusalem
2. Niks is nuut nie

- 2.1 Karel die Grote
- 2.2 Wilhelm II
- 2.3 Niks het verander nie
- 3. 'n Bose besluit
- 4. Skokkende onthullings
- 4.1 Joel Bainerman
- 4.2 Barry Chamish
- 4.3 Padkaart na die dood
- 4.4 Die onlangse besoek

## **HOOFSTUK 11 GELOWIGES SE TEMPEL 97**

- 1. Nuwe verbond
- 2. 'n Nuwe tempel
- 3. Die werklike doel
- 4. 'n Voorafskaduwing
- 5. Die Jode luister nie

**Slotopmerking**

**102**

## **DIE DERDE TEMPEL**

### **Inleiding**

Om te weet waarheen die mensdom oppad is, moet 'n mens verstaan hoe hulle daar gekom het. Die huidige wêreldsituasie is die gevolg van duisende jare se geskiedenis wat by Israel begin het en weer daar gaan eindig. Israel was van meet af aan deel van God se groot plan met die mensdom. Daarom is die einde van die wêreld onlosmaaklik met die lot van Israel verweef.

Israel is baie anders as enige ander volk op aarde. Haar geskiedenis is geskryf alvorens dit gebeur het. Min volke steur hulle vandag aan die lot van Israel. Sommige draai selfs die rug op haar. Dit bied aan vyandelikes die geleentheid om geweld in Israel te ontketen.

Met die totstandkoming van Israel as staat, het die horlosie van die wêreld die laaste minute van tyd op aarde begin aftik. Dit word aan 'n reeks gebeure gekenmerk wat besig is om in vervulling te gaan. Die bou van die Derde Tempel op die Tempelberg in Jerusalem is een daarvan.

Baie Jode sien die afwesigheid van 'n eie heiligdom in Jerusalem as 'n aanklag teen die Joodse volk. Rome het die Vatikaan en die Islamiete die Kaäba. Die Jode het slegs 'n muur. Waarom moet hulle in hul eie land voor 'n muur bid as hulle dit 'n tempel kan doen?

Die verwoesting van die Tweede Tempel in 70 nC en die daaropvolgende verstrooiing van die volk, het die hart uit die Joodse godsdienstbeleving gepluk. Die verstrooides het 19 eeue lank vir 'n terugkeer na Israel en die herbou van die Derde Tempel gebid. Tydens die jaarlikse Paasfees en Yom Kippur (Versoeningsdag) het hulle mekaar altyd met die volgende woorde gegroet: *“Volgende jaar in Jerusalem!”*

Toegewydes se versugting om 'n tempel op 'n vrye vaderlandsbodem te hê, het hulle in die verstrooiing selfs driemaal per dag in die rigting van Jerusalem laat bid (Dan.6:11). Vandag is hulle op die vooraand van die verwerkliking van hierdie eeu-oue droom. Daarom staan hulle die Islamitiese beheer van die Tempelberg al hoe meer teen.

Die Joodse besitname van die Tempelberg is profeties voorspel. Soos wat die Berlynmuur moes val om Oos-Europa van Russiese oorheersing te bevry, sal die Islamiete die beheer oor die Tempelberg moet verloor alvorens die Derde Tempel gebou kan word.

## HOOFSTUK 1

### DIE STAAT ISRAEL

#### 1. Die ontstaan

God het die herstel van Israel deur profete beloof. Esegïel is die duidelikste hieroor: *“en sê vir hulle: So spreek die Here HERE: Kyk, Ek gaan die kinders van Israel haal tussen die nasies uit waarheen hulle getrek het, en Ek sal hulle van alle kante bymekaar laat kom en hulle bring in hul land. En Ek sal hulle een volk maak in die land, op die berge van Israel; en een Koning sal vir hulle almal koning wees; en hulle sal nie meer twee nasies wees nie en verder nie meer in twee koninkryke verdeeld wees nie”* (Eseg.37:21,22).

Daarom het die Jode, ten spyte van al hul ongunstige belewenisse, gesweer om Jerusalem nooit te versak nie. Hulle het oorloë geveg, teen gedugte magte te staan gekom, twee verwoestings van die tempel aanskou en selfs drie ballingskappe oorleef. Desondanks het hulle geglo dat God hulle op sy eie tyd na hul vaderland sou laat terugkeer.

Op 15 Mei 1948 is hierdie vir bykans 50 geslagte Joodse bannelinge vervul toe 'n ramshoring in Jerusalem geblaas en die staat Israel gebore is. Daarmee het die *tyd van verlossing*, soos die Jode glo, aangebreek en die vyeboom begin bot (Mt.24:32). Die vyeboom is 'n eeue oue simbool vir Israel (Rigt.9:10; 1 Kon.4:25; Luk.13:7; Joh.1:50). Die gesig wat Esegïel van die vallei vol

doodsbeendere wat lewendig geword het ontvang het, is vervul (Eseg.37)!

## **2. Jerusalem in die spervuur**

Toe die VVO (latere VN) die Palestynse kwessie in 1947 ter tafel geneem het, is aanbeveel dat die stad Jerusalem geïnternasionaliseer moes word. (Die plaaslike Arabiere staan as *Palestyne* bekend). Alhoewel die gewraakte voorstel Jode dwars in die krop gestee het, het hulle dit bloot aanvaar om 'n voet in die deur te kry. Die Arabiese state was egter nie so insiklik nie. Jordanië het Israel in Mei 1948 aangeval en Oos-Jerusalem beset. Jerusalem was vir die eerste keer in die geskiedenis 'n verdeelde stad en sou vir 19 jaar so bly.

Israel se hoofstad was aanvanklik in Wes-Jerusalem. Jordanië het die oostelike deel van die stad beheer waar die meeste heiligdomme is. In 1950 het sy hierdie gebied sowel as dié wes van die Jordaanrivier by haar eie grondgebied ingelyf. Dit het nie net die Jode omgekrap nie, maar ook ander Arabiese lande wat Jordanië se lidmaatskap aan die Arabiese Bond wou opskort.

Nadat 'n ooreenkoms bereik is, kon Jordanië die besette gebied vir die Palestyne in trust hou. Gevolglik was Jerusalem van 1948-67 tussen Israel en Jordanië verdeel. Omdat Jordanië en die ander lede van die Arabiese Bond in 'n staat van oorlog met Israel verkeer het, was Jerusalem in twee kampe met betonmure, ondergrondse skuilings, doringsdraad, mynvelde en ander versterkings verdeel.

In 1949 het die VVO 'n skietstakingsooreenkoms en vredesreëlings tussen Israel en Jordanië bewerkstellig. Net hierna het Jordanië die ooreenkoms verbreek en Israel belet om die Wesmuur en die Joodse begraafplaas teen die Olyfberg te besoek.

Om alles te bekroon, het Jordanië die begraafplaas willens en wetens ontwy deur 'n pad bo-oor die Olyfberg na 'n nuwe hotel te bou. Dit het baie van die ou grafte in die slag laat bly. Van die grafstene is selfs as sypaadjies en toilette in die kamp van die Jordanië-Arabiese Legioen gebruik! Daarna is 'n aantal wonings insluitende 58 sinagoges in die Joodse woonbuurt in die Ou Stad so beskadig, dat dit gesloop moes word.

Die Jode was nie die enigstes wat onder vyandelike optrede deurgeloop het nie. Christene is ook aan bande gelê. Slegs 'n beperkte getal is toegelaat om die Ou Stad en Betlehem tydens die Kerstyd te besoek. Gevolglik het baie Christene Jerusalem verlaat. Van die 25,000 Christene wat in 1949 daar gewoon het, het slegs 13,000 in 1967 oorgebly.

## **3. Die Sesdaagoorlog**

### **3.1 'n Onafwendbare oorlog**

Die Sesdaagoorlog was 'n keerpunt in die geskiedenis van die staat Israel. Egipte het haar skielik uit die suide, Jordanië uit die ooste en Sirië uit die noorde aangeval. Daar was ook verskeie bombardemente vanuit die Middellandse See. God het egter aan 'n klein,

onvoorbereide Israeli leër 'n roemryke oorwinning soos op die dag van Midean (Rigt.7) gegee.

Na hierdie oorlog het ongeveer 200,000 Jode op die Tempelberg saamgekom om vir die eerste keer in 2,000 jaar by die fondament van hul verwoeste tempel te bid. Dit word allerweë as die grootste Joodse pelgrimstog sedert die verwoesting van die Tweede Tempel beskou. Shlomo Goren, die hoofrabbyn, het by hierdie geleentheid saam met die seëvierende soldate 'n dankseggingsdiens gehou en dit *Yom Yerushalayim* (Jerusalemdag) genoem. Dit het daarna 'n openbare vakansiedag geword.

Israel het alle neerhalende wetgewing op die Tempelberg opgeskort. Niemand sou voortaan verbied word om 'n heiligdom op die Tempelberg te besoek nie. Die gesag van die heiligdomme is aan die onderskeie gelowe oorgedra. Gevolglik stroom miljoene Moslems en Christene sedert 1967 na die Tempelberg. Wyle president Anwar Sadat van Egipte was ook by geleentheid daar.

### **3.2 'n Onbesonne flater**

Israel het egter 'n baie groot fout gemaak toe genl. Moshe Dayan, die Minister van Verdediging, met die Islamitiese Hoëraad vir Godsdienstige aangeleenthede (WAQF) gesprek gevoer en die administratiewe gesag van die Tempelberg aan hulle oorhandig het. Dayan wou skynbaar nie 'n tweede Vatikan in Jerusalem skeep nie. Ongelukkig het sy misplaaste welwillendheidsgebaar die Jode die

Tempelberg gekos en die allerheiligste plek in vyandshande laat beland!

Sedertdien is die Tempelberg die middelpunt van Joods-Islamitiese botsings soos Christus ook voorspel het: "...en Jerusalem sal vertrap word deur die nasies totdat die tye van die nasies vervul is" (Luk.21:24). Jode word selfs deur hul regering verbied om op die Tempelberg te aanbid omdat dit die Islamiete opstandig kan maak!

Islamiete verhinder Jode om die Derde Tempel te bou en dreig hulle selfs met 'n *jihad* (heilige oorlog). Die Jode het in 2007 'n voorsmaak hiervan gehad toe uitgrawings gedoen moes word om 'n toegangshelling op die Tempelberg te herstel. Ten spyte daarvan dat dit 55 meter van die naaste Islamitiese heiligdom was, was daar byna oorlog!

WAQF is onverbiddelik in hul gesag op die Tempelberg. Toe 'n breuk van 700 mm in September 2002 in die suidelike muur ontstaan het, het WAQF geen Joodse ondersoekspan toegelaat nie. Na 'n ooreenkoms met die regering, het Jordaniëse ingenieurs die herstelwerk van 250 vk.meter in Januarie 2004 teen 'n koste van \$140,000 afgehandel.

Om sake te vererger, het 'n aardbewing op 11 Februarie 2004 skade aan die oostelike muur aangerig. Vyf dae later het 'n deel van die stutmuur wat vanaf die Wesmuurplaza na die Poort van die More strek, ineengestort. Kort hierna is bevind dat die gedeelte wat as die *Stalle van Salomo* bekend staan, onstabiel was en

op bidders kon omval. Koning Abdullah van Jordanië het dit as 'n slenter van die Jode afgemaak om Islamië te verhoed om daar te aanbid. Nadat twee kleiner mure kort hierna ineengestort het, is daar egter baie vinnig opgetree!

#### **4. 'n Uitgemaakte saak**

Ten spyte van alle teenstand sal die Derde Tempel op die Tempelberg gebou word, al moet dit ook deur wapengeweld vooraf gegaan word. Die geboorte van die staat Israel is geen toevalligheid nie, maar 'n belofte van God wat vervul is.

*“En Ek sal 'n verbond van vrede met hulle sluit, dit sal 'n ewige verbond met hulle wees; en Ek sal hulle daar bring en hulle vermenigvuldig; en Ek sal my heiligdom in hulle midde vestig vir ewig. En my tabernakel sal oor hulle wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees...En die nasies sal weet dat Ek die HERE is wat Israel heilig as my heiligdom vir ewig in hulle midde wees” (Eseg.37:26-28).*

Die bou van die Derde Tempel kan net so min gekeer word as wat die lewe agteruit kan beweeg. Derhalwe keer Israel se vyande tevergeefs! Wie teen God veg, verloor altyd (Jes.62:8). Dieselfde geslag wat die staat Israel in 1948 tot stand sien kom het, sal ook die bou van die Derde Tempel aanskou (Mt.24:32-34). 'n Geslag word op 70 jaar bereken.

'n Eertydse hoofrabbyn, Israel Eldad, het in 1948 gesê dat die Joodse volk in dieselfde situasie as koning Dawid was

toe hy Jerusalem van die heidene bevry het. Na dié bevryding is die tempel binne die bestek van 'n geslag gebou. Eldad het voorspel dat dit weer sou gebeur. Dieselfde geslag wat die ontstaan van die staat Israel beleef het, gaan ook die Derde Tempel op die Tempelberg sien staan.

## HOOFSTUK 2

### DIE TEMPELBERG

#### 1. Die ligging

Die Tempelberg is 'n heuwel in Jerusalem waarvan die hoogste punt 740 meter bo seevlak is. Omdat dit vir Jode sowel as Islamiete belangrik is, is dit een van die mees betwiste stukke grond ter wêreld. Dis na bewering reeds so vroeg as 4000 vC bewoon en is in die Ou Testament die berg *Moria* genoem. Die Islamiete noem dit die *Edele Heiligdom*.

Volgens Joodse oorlewering was dit die begin van alles op aarde. God het glo die stof waarvan Adam gemaak is, daar gekry. Dis die plek waar God sy Naam sou laat geld. Daarom het gelowiges sy Teenwoordigheid in beide die tempels wat daarop gestaan het aangevoel.

In die Bybelse tyd was die Tempelberg die hoogste punt in Jerusalem. Daarna het die ligging verander en het die stad baie groter geword. Die oudste deel wat as die *Stad van Dawid* bekend was, was suid van die huidige Tempelberg en heelwat laer as die huidige Jerusalem geleë.

Die Tempelberg beslaan 15 hektaar en vorm ongeveer 17% van die Ou Stad. Dit plat van noord na suid af. In 19 vC het koning Herodes die Grote die natuurlike plato op die Tempelberg vergroot deur 'n reghoekige platvorm bo-op te skep. Dis gedoen deur vier reuse stutmure

rondom te laat bou waarna die leegtes opgevul is. Daarna het Herodes die Tweede Tempel vergroot omdat dit klein vir al die pelgrims geword het.

Die bykomende grondoppervlak wat daardeur geskep is, vorm tans die oostelike deel van die Ou Stad. Herodes se reuse werk het 'n volle 83 jaar geduur en is eers in 64 nC gestaak toe 18,000 werkers afgelê is.

#### 2. Die vroeë geskiedenis

##### 2.1 Die stad van Dawid

Die Kanaäniete was die eerste bewoners van Jerusalem. Hulle het teen 1850 vC 'n stad met die naam Jebus daar gebou. In 1010 vC het Dawid die Jebusiete verslaan en Jerusalem die administratiewe hoofstad van sy ryk gemaak. Dis daarna die *Stad van Dawid* genoem.

Nadat Dawid die verbondsark na Jerusalem gebring het, het hy die eertydse godsdiensgesag in die stad opgeskort en dit verder self behartig. Daarna het hy 'n aanliggende stuk berggrond van 'n sekere Arauna gekoop met die doel om 'n tempel daarop te bou. God het hom egter verhoed en sy seun Salomo die eer te beurt laat val. Dis teen 960 vC voltooi en die middelpunt van Israel se godsdiens geword.

##### 2.2 Die ballingskappe

Na Salomo se dood in 931vC het 'n burgeroorlog uitbreek wat die ryk laat skeur het. Jerusalem was die hoofstad van die tweestammeryk (Juda) en Samaria dië



van die tienstammeryk (Israel). Israel het tot 722 vC bestaan waarna dit deur die Assiriërs in ballingskap weggevoer is. Juda het sterk weerstand gebied en die vyande vir meer as 'n eeu teengestaan.

In 597vC het die Babiloniërs Jerusalem verower en die 21 jarige Sedekia, 'n afstammeling van Dawid, as koning daarvan aangestel. Hy het sy volk nie verrai nie en 'n opstand teen die Babiloniërs geloods. Jerusalem is na 'n beleg van 18 maande verower en verwoes.

### 2.3 Die Perse

Teen 560 vC het 'n nuwe ryk onder Kores die Grote van Persië op die wêreldtoneel verskyn en die Heilige Land verower. Daarna het Kores al die Jode in sy nuwe ryksgebied, insluitende die Israelitiese ballinge in Assirië, toegelaat om na hul vaderland terug te keer. Behalwe dat Kores 'n instrument in God se hand was, wou hy die Jode die geleentheid bied om die land te herbou sodat hy 'n inkomste daaruit kon verkry.

Hierdie vergunning het 'n geloofsherlewing onder die Jode gebring en hulle aangespoor om die verwoeste tempel te herbou. Dis in 516 vC voltooi waarna Juda vir nagenoeg 150 jaar gefloreer het. In hierdie tyd is Jerusalem herbou en die omliggende gebiede ontwikkel.

### 2.4 Die Grieke

Teen 332 vC het die Grieke as 'n wêreldmag op die toneel verskyn. Alexander die Grote het Israel verower en die Griekse kultuur en ideale daar gevestig. Dis *Hellenisme*

genoem. Baie van die Jode het hul geloof versak en ver-Grieks. In 167vC het die Makkabeër-opstand gevolg waartydens 'n sekere Mattatias en sy seuns Jerusalem van die Grieke afgeneem het. Daarna is die tempel gereinig en *Chanukah*, 'n vakansiedag ter herdenking daarvan, ingestel.

### 2.5 Die Romeine

Die Makkabeër-koninkryk het 76 jaar bestaan. Israel het eers in 63 vC in Romeinse hande beland. Onderlinge twis, jaloesie en hebsug was deels daarvoor verantwoordelik. Die Romeine het Israel se naam na *Palestina* verander om dit van die wêreldkaart te laat verdwyn.

Daarna het hulle Herodes as 'n marionetkoning aangestel. Sy seun en naamgenoot het hom opgevolg en guns van die Jode verkry toe hy die tempel laat vergroot het. Hy het begin deur die gebied te vergroot en met vier stutmure te versterk. Die Westelike muur was die langste – 485 meter en het die *Kotel* (Klaagmuur) ingesluit.

In 66 nC het ene Florus, 'n Romeinse gevolmagtigde (prokurator), met die Jode begin skoor soek. Hy het bv. silwer uit die tempel gesteel waarna 'n groep Joodse yweraars (Selote) teen die plaaslike Romeinse gesag in opstand gekom het. Hulle het enkele van die Joodse leiers wat nie teen die Romeinse owerheid weerstand wou bied nie, vermoor. Dit het tot onderlinge onmin en bloedvergieting gelei.

Daarna het die Romeine die stad beleër en in 70 nC ingeneem. Die tempel is afgebrand en Jerusalem verwoes. Van die Selote wat na Masada gevlug het, het drie jaar later selfmoord gepleeg eerder as om aan die Romeinse magte oor te gee. Daarna was daar vir 60 jaar vrede.

In hierdie tyd het keiser Hadrianus die Jode aangespoor om die tempel te herbou. Voordat hulle egter daarmee kon begin, het hy 'n ander tempel op die Tempelberg laat bou en dit aan die afgod Jupiter gewy. Daarna het hy Jerusalem se naam na Aelia Capotolonia verander.

Die Jode het dit as 'n growwe belediging beskou waarna 'n opstand o.l.v. Simeon bar Kokhba gevolg het. Die Romeine kon dit eers drie jaar later onderdruk (135 nC). Daarna is Jerusalem weer verwoes. Nagenoeg 600,000 Jode, insluitende bar Kokhba, het omgekom. Daarna het die keiser die naam van die provinsie na Sirië-Palestina verander en van Jerusalem 'n heidenstad gemaak. Jode is toegang verbied en vervolgd.

Die Jode het na Yavneh uitgewyk waar 'n sekere Yohanan ben Zakki 'n godsdiensopleidingskool op die been gebring het. Dit het Judaïsme as't ware aan die lewe gehou. Omdat Jerusalem grootliks ontvolk was, het van die omringende volke hulle in die omliggende gebiede gevestig. Hierdie volke het van Abraham en Isak, maar nie van Jakob nie afgestam. Na die vestiging van Islam het hulle almal Islamiëte geword.

Omdat die Islamiëte van Abraham afstam, glo hulle dat hulle 'n wettige aanspraak op hierdie grondgebied het. Daarom beskuldig hulle die Jode daarvan dat hulle hul grondgebied van hulle gesteel het en hulle reg om dit te herower.

## 2.6 Die Christendom

Intussen het die invloed van die Christendom in hierdie gebied sterk toegeneem. Die hoogtepunt was toe keiser Konstantyn in 330 nC besluit het om die hoofstad van die Romeinse ryk van Rome na Bisantium te verskuif en dit Konstantinopel genoem het.

In 325 nC het Helena, die moeder van Konstantyn, die tempel wat Hadrianus vir Jupiter op die Tempelberg gebou het, laat afbreek en die *Kerk van die Heilige Kores en Johannes* op die fundamente daarvan laat bou. Nadat dit vergroot is, is dit die *Kerk van die Heilige Wysheid* genoem. Toe dit later verwoes is, is die Rotskoepel (moskee) daar gebou. Helena het ook die Tempel van Venus aan die westekant van die Tempelberg laat afbreek en die *Kerk van die Heilige Graf* daar laat bou.

In 361-363 het keiser Julianus II die Jode toegelaat het om 'n nuwe tempel op die Tempelberg te bou. Die geskiedskrywer Sozomen skryf in sy *Historia Ecclesiastica* dat toe dië keiser Palestina oppad na Persië aangedoen het, die gesig van die tempelruin hom so ontstel het, dat hy aan Alipius van Antiochië opdrag gegee het om die tempel te herbou. Julianus II wou die plaaslike kultusse en godsdienste in sy ryk versterk.

Die hoofrabbyn Hilkia wou egter nie geld van die keiser aanvaar nie. Geen ongelowige durf volgens hom deel aan die herbou van die tempel hê nie. Die projek is egter wel voortgesit, maar is spoedig laat vaar toe vuur op bonatuurlike wyse uit die fundamente geslaan het. Toe 'n hewige aardbewing Galilea kort daarna getref het, het mense geglo dat God die tempelbou verhoed het. Kort hierna het Julianus gesneuwel.

## **2.7 Die Islamiete**

In 610 nC het die Sassaniede Ryk die Bissantyne uit die Midde-Ooste verdryf. Daarna het die Jode Jerusalem vir 'n paar jaar beheer. Kort voordat die Bisantyne die grondgebied herower het, het die Perse die beheer van Jerusalem aan die plaaslike Christenbevolking oorgedra wat die onvoltooide tempelgebou tot op die grond afgebreek het. Kalief Omar het hierdie puin in 630 nC in Jerusalem aangetref toe hy die stad verower het.

In 638 nC het die Jode in Palestina die Islamiete gehelp om die Perse te verslaan omdat die Perse hul belofte om die Jode teen die Islamiete te beskerm, verbreek het. Daarna het die Islamiete die Jode toegelaat om na Jerusalem terug te keer.

Hierna het Omar 'n moskee op die Tempelberg laat bou naby die plek waar die Al Aksa moskee 'n paar jaar later opgerig is. In 691 nC het kalief Abd al Malik 'n reuse moskee met 'n koepeldak op die Tempelberg laat bou. Hierdie dak is in 1920 met bladgoud oorgetrek.

Die Islamitiese verowering van Palestina was die begin van 'n tydperk van 1300 jaar waarin 10 verskillende ryke, regerings en vorstehuse oor Palestina regeer het. Palestina was na die Eerste Wêreldoorlog 'n Britse mandaat.

Gevolglik is die Tempelberg die derde belangrikste heiligdom vir die Islamiete ter wêreld en volgens oorlewering die plek waarvandaan Mohammed na die hemel vertrek het. Die Rotskoepel en Al Aksa moskee is die oudste Islamitiese geboue ter wêreld.

## **2.8 Die Kruisvaarders**

Die Islamiete het tot die einde van die 11 de eeu talle vyandige aanslae op Palestina suksesvol afgeweer. In 1095 het pous Urbanis II sy onderdane tot 'n kruistog teen die Islamiete opgeroep ten einde Palestina vir die Christendom te herower.

Die Jode van Palestina het nie die kruisvaarders se geesdrif gedeel nie.

Toe die kruisvaarders die Islamiete verdryf en Palestina in 1099 verower het, het hulle al die Jode in 'n sinagoge bymekaar gemaak en die plek aan die brand gestee. Daarna is geen persoon buite die Christelike geloof in Jerusalem toegelaat nie. Saladin het eers in 1187 daarin geslaag om die kruisvaarders uit die stad te verdryf en Jerusalem vir die Islam te herwin.

In 1267 skryf 'n Jood, Nahanidas, aan sy seun dat Jerusalem yl bewoon is. Daar was ongeveer 2000

inwoners en basies geen Jode nie. Met die aankoms van die Tartare is baie Jode vermoor waarna die ander gevlug het. Nahanidas het slegs van twee Joodse broers gewee wat 'n klein onderneming in Jerusalem gehad het. Die Jode van die omgewing het op Sabbate in hulle huis byeenkom. Die het later 'n vervalle huis gekoop en in 'n sinagoge omskep.

Daarna het Jode van so ver as van Damaskus en Aleppo na Jerusalem gekom om die plek waar die tempels gestaan het te beween. Nahanidas sluit sy brief met die bede af dat diegene wat Jerusalem in so 'n vervalle toestand aanskou, genade van God mag ontvang om die bou van die Derde Tempel op die Tempelberg te sien.

## **2.9 Die Ottomane**

Die volgende geskiedkundige era was die verowering van Palestina deur die Ottomane (Turke) aan die begin van die 16de eeu. Jerusalem het deel van die magsgebied van die Turkse sultan geword. Turkye het op daardie tydstip geen wesenlike belang by Palestina gehad nie. Dit was slegs 'n bron van buitelandse inkomste.

Die sultan het toegelaat dat Palestina ontwikkel word, maar terselfdertyd swaar belastings op die Jode gehef. Toe baie van hulle verhuis het, het Palestina begin kwyn. Teen die einde van die 17de eeu was daar minder as 7000 Jode in Palestina oor. Dinge het eers na die ontluiking van die Sionistebeweging in Oos-Europa begin verander toe baie Jode uit hierdie deel van die wêreld na

Palestina begin terugkeer het. Die eerste Joodse nedersetting is in 1878 in Petah Tikvah opgerig.

Die Ottomane het vir bykans 400 jaar oor Palestina geheers waarna hulle by 'n oorlog betrokke geraak het wat hulle nie kon wen nie - die Eerste Wêreldoorlog. Dit het hulle hul ryk gekos waarna Brittanje kragtens 'n mandaat van die Volkerebond beheer oor Palestina verkry het.

## HOOFSTUK 3

### DIE TEMPELS

#### 1. Die Eerste Tempel

##### 1.1 Die tabernakel

Die Tabernakel was die eerste van Israel se drie heiligdomme. Dis tydens die woestyntog gemaak. Benewens die bepaalde struktuur, het God aan Moses duidelike aanduidings vir die ontwerp van 'n verskeidenheid van goue, silwer en brons voorwerpe vir godsdienstige gebruik gegee. Toe Salomo die tempel laat bou het, het hy bykomstige gebruiksvoorwerpe laat maak omdat die tempel baie groter as die Tabernakel was.

##### 1.2 Die bouplan

Die Bybel en Joodse geskiedskrywing gee 'n duidelike beskrywing van die tempel; selfs die mate. Tanach is die naam wat die Rabbynse Judaïsme vir die Ou Testament gebruik. Dis 'n akroniem; 'n woord wat uit die letters van 'n naam saamgestel word. Tanach kom van Tora (leer van die Pentateug), Nevi'im (profete) en Ketuvim (skrywes) – TaNaKh.

Volgens die Tanach was die plafon 60 meter lank, 30 meter breed en die dakhoogte 16,4 meter. Die hoogste punt van die buitestruktuur was 68 meter. Die tempel self was 60 meter lank en 20 meter breed. Die

ingangsportaal was wyer (30 meter) as die agterste gedeelte (20 meter).

Die koste aan die struktuur en afronding daarvan was van so 'n omvang, dat Salomo koning Hiram met 20 klein dorpie in die noorde van Galilea vir die hout en gebruik van sy ambagslui vergoed het. Een van die ambagsmanne was 'n begaafde beeldhouer uit die stam van Dan: "*Ek stuur dan nou 'n kunstenaar, begaafd met verstand, naamlik Hiram Abi*" (2 Kron.2:13). Hy was 'n nasaat van Oholiab wat 500 jaar tevore die heilige gebruiksvoorwerpe vir die Tabernakel gemaak het.

Om by die hoofingang te kom, moes mense deur die *Voorhof van die Koning* loop. Dit het 162 pilare gehad, elkeen 12,3 meter lank en uit 'n soliede rotsblok gekap. Hierdie voorhof het uit kleiner voorhove (suilegange) bestaan. Christus het as kind die kerklui van sy tyd in so 'n voorhof met sy uitsonderlike kennis en vrae verras (Luk.2:45-47).

Die tempelmure was betreklik hoog, veral aan die oostekant waar die Kedronvallei 150 meter na benede gelê het. Hierdie gedeelte is die *dak van die tempel* genoem en was heelwaarskynlik die plek waar die Satan Christus versoek het om Homself van af te werp (Luk.4:9-12).

Die oostelike tempelpoort was die hoofingang na die tempel en is *Die Skone* genoem (Hand.3:2). Die hek daarvan was van brons uit Korinthe en so swaar dat 20 Levitiese priesters dit slegs met inspanning kon beweeg.

Die altaar was in die *Hof van die Priesters* en reg voor die trappe wat na die *Allerheiligste* gelei het. Dit was van ongekapte klip en is weens bloedverkleuring elke ses maande oorgekalk. Dit was 15,8 meter in die vierkant en 4,7 meter hoog.

### 1.3 Die boumateriaal

Die boustene vir die tempel het van drie steengroewe gekom waarvan die eerste onder die huidige Moslembuurt in die noordelike deel van die Ou Stad was. Die tweede was naby die huidige Knesset (parlementsgebou) en die derde in Libanon. Stene van Libanon is op vlotte na Joppe (naby die huidige Tel Aviv) verskeep.

In sy *Antiquities of the Jews* skryf Josephus dat Salomo die tempelfondamente uitsonderlik diep laat uitgrawe het. Die stene was ook van hoë gehalte om lank te kon hou. Alhoewel Dawid nie toegelaat was om die tempel te bou nie, het hy enorme hoeveelhede boumateriaal en edelmetale daarvoor bymekaar gemaak:

*“En kyk, deur my moeitevolle arbeid het ek vir die huis van die Here honderdduisend talente goud en ’n miljoen talente silwer gereed gelê, en die koper en die yster is onweegbaar; want dit is daar in groot hoeveelheid, en hout en klippe het ek in gereedheid gebring; en jy kan daar nog meer byvoeg”* ( 1 Kron.22:14).

Josephus sê dat die mure en vloere van die tempel met goud oorgetrek was. Wat sal 100,000 talente (ongeveer

3000 ton) goud nie vandag werd wees nie! Een miljoen talente silwer (ongeveer 30,000 ton) is byna twee keer so veel as die huidige jaarlikse opbrengs van silwer ter wêreld!

Die verbondsark was egter die belangrikste voorwerp in die tempel en God se teenwoordigheid onder sy volk versinnebeeld. Tydens die inwyding van die tempel het koning Salomo God se eidelose seën en teenwoordigheid op die Tempelberg afgebid. Salomo het Hom ook gevra om, indien Israel ooit weggevoer sou word, altyd na haar gebede te luister indien dit in die rigting van die tempel gebid word.

### 1.4 Ingenieursvernuf

Tydens godsdienste is die groot hoeveelhede dierebloed en ander afval deur ’n vernuftige kanaal- en spoelslootstelsel van die altaar af weggevoer. Water is vanaf nabygeleë opgaardamme daarheen gebring waarvan die *Groot See* die grootste was. Tydens die inwyding van die tempel is daar 22,000 beeste en 120,000 skape op die altaar geoffer!

Die tegniek wat 3000 jaar gelede gebruik is om water oor ’n afstand van meer as 60 km. met ’n geleidingsval van slegs ’n paar sentimeter per kilometer na die tempel te bring, is verbysterend. Tonnels is deur berge gegrawe en spoelste rondom moeilike plekke gebou ten einde water vanaf Betlehem, Esham en Hebron na die Tempelberg te kon lei. Die water waarmee die bloed en diere-afval van die altaar weggespoel is, is ooswaarts in

die Kedronvallei gestort waar dit 'n ryk kompos gevorm het.

### **1.5 Ondergrondse strukture**

Tydens die bou van die tempel is daar ook 'n magdom van ondergrondse tunnels en kamers gebou. Dit was feitlik net so groot soos die Ou Stad (130 hektaar). Omdat dit 'n belangrike rol in die toekoms van Jerusalem sou speel, is dit eeue lank geheim gehou.

Die ongewone aard van die sandsteen waarop Jerusalem gebou is, het bouers in staat gestel om hierdie ondergrondse strukture sonder moderne gereedskap te bou. Die plaaslike sandsteen is buitengewoon sag, maar verhard sodra dit aan lug blootgestel is. Dit is dus uiters geskik vir ondergrondse strukture.

## **2. Die Tweede Tempel**

Die Eerste Tempel het ongeveer 414 jaar op die Tempelberg gestaan alvorens dit in 586 vC deur die leër van Nebukadneser II verwoes is. Nadat die Perse die Babiloniërs verslaan het, het koning Kores die Jode toestemming gegee om na Jerusalem terug te keer en die tempel te herbou. Dis 70 jaar na die verwoesting van die Eerste Tempel in 516 vC voltooi; 'n betreklik flou skaduwee van die eerste een.

Hierdie tweede tempel het vir 497 jaar gestaan waarna koning Herodes die Grote dit in 19 vC met behulp van 10,000 werkers begin vergroot het. Hy het die hoogtes in die noorde gelyk gemaak en stutmure in die suide laat

aanbring om 'n ineenstorting van die berghelling te voorkom. Daarna het hy sy Antonia-vesting in die noordwestelike hoek van die Tempelberg laat oprig.

Hierdie aanbouing het 46 jaar geduur en is eers in die tyd van Christus afgehandel: *“En die Jode sê: Ses-en-veertig jaar lank is aan hierdie tempel gebou...”* (Joh.2:20). Herodes die Grote het naam gemaak met groot bouprojekte. Die puin van sy winterpaleis kan vandag nog op Masada besigtig word.

Omdat Herodes genoeg fondse gehad het, het hy die tempel 100 meter van noord na suid langer laat maak. Josephus skryf dat Herodes jaarliks meer as R500 miljoen (huidige geldwaarde) aan belasting ontvang het. Hy het van 1000 sterk waens gebruik gemaak om die sandsteenblokke uit die steengroef naby die huidige Knesset na die tempel te vervoer. Ander stene is uit die Koningsgrotte onder die Noord-oostelike hoek van Jerusalem gekap en ondergronds na die bouverseel vervoer.

Die Tweede Tempel het 586 jaar op die Tempelberg gestaan. Dis tydens die verwoesting van Jerusalem in 70 nC aan die brand gestee en saam met die stad verwoes. Dit het gebeur nadat die Romeinse leër onder aanvoering van Titus (seun van keiser Vespasianus) en Tiberius Julius Alexander, sy tweede in bevel, Jerusalem in 66 nC met drie legioene begin beleër het.

Nadat die Jode 'n paar van die Romeine vermoor het, het Titus vir Josephus na hulle gestuur om hulle te oorreed

om oor te gee. Hy is egter met 'n pyl gewond waarna Titus in die daaropvolgende aanval byna gevange geneem is. Nadat Josephus 'n tweede maal onsuksesvol was, het die Romeine die stad ingeneem en dit verwoes.

Josephus skryf dat nagenoeg 1,000,000 mense gedurende hierdie beleg die lewe gelaat het. Sommige van die Jode wat ontsnap het, het in die rigting van die Middellandse See gevlug. Die verwoesting van die Tweede Tempel het op 9 Augustus 70 nC plaasgevind - dieselfde dag en maand as die Eerste Tempel!

### **3. Die derde tempel**

#### **3.1 'n Belofte**

'n Strydmag onder leiding van ene Simon Bar Kokhba het Jerusalem in 132 nC van die Romeine herower waarna met die bou van die Derde Tempel begin sou word. Toe die Romeine drie jaar later weer die oorhand kry, het die Joodse rabbis geglo dat die bou eers baie later sou plaasvind. Hulle het hul kennis van die tempelgebruike en seremonies in die Mishna laat opteken sodat dit vir die nageslag bewaar kon word

Die Mishna is 'n teboekstelling van oorgelewerde Joodse wette tot ongeveer 200 vC. Dis onder redaksie van rabbi Yehuda haNasi gedoen. Voor die Mishna was godsdiensgebruike en rituele hoofsaaklik mondelings oorgelewer.

God se belofte van 'n Derde Tempel het egter nooit by die Jode vervaag nie. Dit het die middelpunt van baie se

volksstrewes geword. Die profete het ook telkens daarvan gepraat.

*“En aan die einde van die dae sal die berg van die huis van die HERE vasstaan op die top van die berge en verhewe wees bo die heuwels, en die volke sal daarheen toestroom” (Miga 4:1).*

*“Die toekomstige heerlikheid van hierdie huis sal groter wees as die vroeëre, sê die Here van die leërskaar; en op hierdie plek sal Ek vrede gee...” (Hag.2:9).*

Nie een van die twee profesieë dui op die Tweede Tempel of 'n vergroting daarvan nie omdat die heerlikheid daarvan nie groter as die eerste tempel was nie. Die tweede een was selfs sonder die verbondsark. Die woord *vroeëre* in Hag.2:9 is 'n meervoudsvorm en verwys dus na die eerste twee tempels. Daar sal dus 'n derde een gebou word!

Die bou en inrigting hiervan gaan verrykende gevolge vir die mensdom hê. Dit sal tot die bekendmaking van die Antichris lei waarna die wederkoms van Christus kort daarna gaan plaasvind. Jesus verwys ook self na dié tempel: *“Wanneer julle dan die gruwel van die verwoesting, waarvan gesprek is deur die profeet Daniël, sien staan in die heiligdom...” (Mt.24:15).*

God het aan die profeet Daniël getoon dat die Derde Tempel kort voor die bekendmaking van die Antichris gebou sal word. *“En deur hom sal leërs op die been gebring word en die heiligdom, die vesting onheiligh, en*



*hulle sal die voortdurende offer afskaf en die ontsettende gruwel opstel” (Dan.11:31).*

*“En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop” (Dan.12:11).*

Daniël het voorspel dat die Derde Tempel die middelpunt van Israel se godsdiens gaan wees en dat diere-offers weer hervat sal word. Daarna sal die Antichris uit die gebied van die ou Romeinse Ryk kom en ’n verdrag van sewe jaar met die Jode sluit. Hy gaan dit egter na 42 maande opskort:

*“En hy sal een week lank met baie ’n sterk verbond sluit, en gedurende die helfte van die week sal hy slagoffer en spysoffer laat ophou” (Dan.9:27).*

### **3.2 Op die ou fondamente**

Die Jode het eeue lank geglo dat die Rotskoepel wat deur kalief Abdal-Malik op die Tempelberg gebou is, op die plek van die oorspronklike tempel opgerig is. Dit sou dus verwyder moes word ten einde die Derde Tempel te kon bou.

Christene het weer geglo dat dit nie die plek was nie. Die Derde Tempel kon gebou word sonder om enige Islamitiese heiligdom te verwyder, ’n siening wat hulle op Openb.11:1,2 gegrond het:

*“En ’n riet soos ’n stok is aan my gegee, en die engel het gestaan en gesê: Staan op en meet die tempel van*

*God...Maar die voorhof buitekant die tempel moet jy uitlaat en dit nie meet nie, want dit is aan die heidene gegee; en hulle sal die heilige stad twee-en-veertig maande lank vertrap” .*

In hierdie gesig sien Johannes dat die heidene ná die bou van die Derde Tempel ’n deel van hierdie gebied, die *Hof van die Heidene*, vir 42 maande besoek. Deur die Rotskoepel juis hier te laat bou, het God verhoed dat dit op dieselfde plek as die vorige twee tempels staan.

Argeologiese navorsing het die ligging van die vorige twee tempels bo alle twyfel vasgestel. Gevolglik kan die Derde Tempel op dieselfde fondamente gebou word. Argeoloë het jare gelede ’n tunnel naby die Wesmuur ontdek wat hulle na die fondamente van die Eerste Tempel gelei het. Dit bestaan uit reuse sandsteenblokke wat 19,5 meter diep onder die huidige Wesmuurplaza begrawe lê. Koning Salomo het baie deeglike werk laat doen!

Sommige van hierdie blokke is 13,8 meter lank, 6 meter breed en 3 meter dik en weeg 1000 ton. Dit pas so dig op mekaar dat ’n lemmetjie nie tussen-in geskuif kan word nie. Wat hierdie fonds so merkwaardig maak, is dat daar vandag geen masjinerie bestaan wat sulke blokke 1,6 km ver kan vervoer nie. Vergelyk dit met die stene van die groot piramiede (Giza) wat hoogstens 50 ton weeg!

Die ontdekking van ’n ou poort ’n paar jaar gelede onder die Tempelberg was ’n verdere bevestiging van die

oorspronklike ligging van die tempels. Hierdie poort is heelwaarskynlik deur koning Herodes die Grote laat bou en het ooswaarts na die Oospoort gelei. Die tempel het dus 45 meter suid van die huidige Rotskoepel in lyn met die Oospoort gestaan.

James Fleming het in April 1969 'n seldsame ondervinding gehad toe hy die Oospoort wou fotografeer. Swaar reën het die grond voor dié poort baie sag gemaak sodat dit onder hom meegegee het. Fleming het in 'n sinkgat van vier meter diep beland en tot sy grootste verbasing die boog van die oorspronklike Oospoort (deel van die eerste tempelmuur) voor hom gesien!

Die *Mishneh Torah* meld dat 'n jong priester op die Groot Versoendag 'n rooi koei oor 'n steenbrug na 'n plato op die Olyfberg ter slagting gelei het. Hierdie brug het uit 'n aantal boë bestaan en het ooswaarts vanaf die tempel oor die Kedronvallei tot aan die voet van die Olyfberg gestrek. Die priester het hiervandaan op die gordyn voor die allerheiligste deel van die tempel gekyk. Gevolglik was die tempel wes van die Oospoort.

*“En die heerlijkheid van die Here het in die huis ingetrek deur die poort waarvan die voorkant na die ooste lê”* (Eseg.43:4).

#### **4. Die Islamitiese tempel**

Die Islamiete is fel teen die tempelbou gekant en glo dat die Al Aqsa moskee op die plek van die eertydse tempels gebou en derhalwe die Derde Tempel is. Nadat kalief

Omar Ibn al-Khattab in 638 nC die reuse puinhoop op die Tempelberg laat opruim het, het hy 'n Islamitiese bedehuis op dieselfde plek laat oprig.

Die Islamiete glo dat die Jode wat destyds in Jerusalem gewoon het, saam met hulle voorgeslagtelike broers (Arabiere) die Al Aqsa moskee help bou het. Ka'ab al-Ahbar, 'n Jemenitiese Jood, wat die Islamgeloof aanvaar het, het glo die moskee help ontwerp. Hulle glo dat dit vir die plaaslike Arabiere onmoontlik was om die puin alleen op te ruim en 'n moskee in minder as 10 jaar op te rig. Hulle moes Joodse hulp gehad het.

Die Islamiete glo dat hulle in beginsel dieselfde God as die Jode aanbid, naamlik die God van Abraham. Die Al Aqsa-moskee is deur die direkte afstammeling van Abraham opgerig en derhalwe die Derde Tempel. Hulle sê dat sekere kruisvaarders hierdie moskee vir die Derde Tempel aangesien en selfs 'n kruis daarin geplaas het.

'n Verdere bewys wat hulle aangevoer dat die Al Aqsa moskee die Derde Tempel is, is dat daar geen afgode in voorkom nie. Die Islamiete bid soos die Jode - sonder 'n tussenganger direk tot God. Die Jode moet dus nie nog 'n tempel bou nie. Die Derde Tempel bestaan alreeds vir meer as 13 eeue!

Die Islam beroem hul op die herbou van heilige plekke. Toe die Romeine die laaste tempel verwoes het, was die Tempelberg vir nagenoeg 600 jaar in puin. Arabiere sê dat hulle die eerste was om weer daarop te bou. Gevolglik behoort die Jode eerder dankbaar te wees dat

God hulle voorgeslagtelike broers eeue gelede gebruik het om dié tempel op te rig!

## 5. Die Palestynse ontkenning

Talle Islamiete glo weer dat daar nooit 'n tempel op die Tempelberg gestaan het nie, maar iewers elders. 'n Onlangse *fatwa* (wettige Islamitiese verklaring) meld dat koning Salomo nie die Eerste Tempel gebou het nie, maar slegs 'n gebou wat uit die tyd van Adam dateer, laat herbou het. Die verhaal van die twee tempels is dus 'n verdigsel en die grootste bedrogspul in menseheugenis. Daarom praat hulle van die *sogenaamde* tempel.

Indien dit waar is, behoort die Palestyne alle argeologiese opgrawings op die Tempelberg te verwelkom. Dit sal hul geskiedkundige aannames staaf en aanspraak op dié grondgebied versterk. Ongelukkig gebeur dit nie en kom hul opstandigheid eerder verdag voor. Waarvoor is hulle bang? Dat navorsing onbetwiste lig op Jerusalem se Joodse herkoms sal werp?

*The Council Guide Book to Al-Haram Al-Sharif* is 'n toergidshandleiding wat in 1925 deur WAQF uitgegee is en hul oorspronklike siening oor die Tempelberg bewoord: *"Its identity with the sight of Solomon's Temple is beyond dispute. This, too, is the spot, accordingly to universal belief, on which 'David built there an altar unto the L-rd..."* Daarna word 2 Sam. 24:25 aangehaal.

In 1997 het Mufti Sabiri, 'n Palestynse leier, die Joodse aanspraak op Jerusalem as 'n leuen beskryf. Volgens hom

was die Palestyne die enigste ware aanspraakmakers. Hy het die internasionale gemeenskap probeer oortuig dat die band met Jerusalem waarop die Jode hul beroem op valse aansprake berus.

Raed Salah, nog 'n invloedryke Palestynse leier, het Sabiri ondersteun en gesê dat die Al Aqsa moskee en omliggende gebied, insluitende die ondergrondse strukture, uitsluitlik Islamitiese eiendom is. Die Jode kan nie eens op 'n sandkorrel daarvan aanspraak maak nie!

Die geskiedenis bewys dat die Eerste Tempel minstens 1500 jaar voor die ontstaan van Islam op die Tempelberg gebou is. Die Palestyne probeer dus om die geskiedenis te verdraai om hulle leuen te pas! Hulle leuens weerspieël niks anders as hul anti-Joodse gevoelens nie. Dis geensins op feite gebou nie, maar op haat. Die Palestyne wil nie 'n goeie argument met feite bederf nie!

Die Islamiete beskou selfs die Wesmuur as 'n Islamitiese heiligdom. Dis glo die plek waar Mohammed by geleentheid een nag geslaap en sy perd Alburak aan dié muur vasgemaak het. Daarom noem die Palestyne dit die Alburakmuur.

Hulle glo dat geen steen van hierdie muur iets met die Jode te doen het nie. Die Jode het glo eers in die 19de eeu daar begin bid toe 'n nasionale gevoel onder hulle begin posvat het. Die Palestyne laat die Jode slegs uit eerbied vir Judaïsme by die muur toe. Vrye toegang beteken egter nie dat die muur aan hulle behoort nie!

## HOOFSTUK 4

### TEMPELVOORWERPE

#### 1. Die opdrag

Die heilige voorwerpe wat vir die Tabernakel gemaak is, is ook later in die Eerste Tempel gebruik. Dit was afbeeldings van hemelse dinge:

*“Hulle wat ’n afbeeldsel en skaduwee van die hemelse dinge bedien, soos Moses ’n goddelike bevel ontvang het toe hy die tabernakel sou voltooi; want Hy het gesê: Kyk dat jy alles maak volgens die voorbeeld wat jy op die berg getoon is” (Hebr.8:5).*

#### 2. Koemran

##### 2.1 Die Kopperrol

Wat na die verwoesting van die tempel van die heilige voorwerpe geword het, is nie seker nie. Tydens die Romeinse beleg van Jerusalem het lede van die Esseners en Selote, twee Joods-nasionale godsdiensgroepe, die tempel met mag en mening verdedig. Toe die skrif egter aan die muur kom, het hulle van die heilige voorwerpe uit die tempel verwyder en naby die Dooiesee begrawe om dit uit Romeinse hande te hou.

Die opspraakwekkende ontdekking van die eerste Dooiesee rolle by Koemran (1947) het lig op die gebeure tydens die beleg van Jerusalem gewerp. Die Kopperrol (263x30cm) wat in 1953 by Koemran ontdek is, gee

besonderhede van die plekke waar sommige van die voorwerpe versteek is. Dit sluit die salwingsolie en hoëpriesterlike borsplaat in.

Ongelukkig het 2000 jaar se wind- en sporadiese watererosie die topografiese voorkoms van hierdie gebied so drasties verander, dat die aanduidings van die Kopperrol vandag onduidelik is. Daar kan wel in die toekoms opspraakwekkende ontdekkings gemaak word!

Benewens die gewone argeologiese metodes, maak navorsers deesdae ook van gevorderde tegnologiese gebruik. ’n NASA-span het ’n toestel ontwerp wat voorwerpe met behulp van elektroniese frekwensie-etlike meter onder die grond kan opspoor. Dit het alreeds etlike grotte, tunnels en kamers met hul inhoud in die Koemrangebied blootgelê.

Een van dié lesings het getoon dat daar minstens 40 verseëelde kleihouers met perkamentrolle in ’n sekere grot versteek lê. Ander lesings het nog ’n kopperrol, potte, hout- en verskeie metaalvoorwerpe aangedui. Daar word tans daarna gegrawe. Dit gaan egter ’n hele paar jaar neem omdat die betrokke grot 13 meter onder die grond is en navorsers streng volgens argeologiese aanwysings werk.

Israel verwelkom ook buitelandse argeoloë. Die Talmoed voorspel dat nie-Jode gaan help om baie van die heilige voorwerpe terug te vind. Buitelanders het baie van die mannekrag asook boumateriaal vir die Eerste Tempel voorsien. Dit gaan weer gebeur!

Volgens die Koperrol bestaan die versteekte skatte uit 3,282 talente goud en 1,280 talente silwer - 98 en 38 ton onderskeidelik! As daar in gedagte gehou word dat die tempel ook Israel se bank was, is dit nie vergesog nie. Cicero skryf dat benewens die tempelbelasting Israel ook bydraes van Jode in die verstrooiing ontvang het. Op daardie tydstip het ongeveer 10 miljoen Jode buite Israel gewoon.

Toe genl. Pompei Jerusalem in 63nC beleër het, het hy 10,000 talente (300 ton) se edelmetale geëis en van die Jode ontvang. Baie van die rykdom is van die halvesikkel tempelbelasting verkry wat elke manlike burger van Israel asook buitelanders opgelê is. Daarbenewens het proseliete ook sekere bydraes gemaak; mense wat nie van Joodse afkoms was nie, maar die Judaïsme aanvaar het. 'n Halfsikkel was destyds aan twee dae se arbeidersloon gelykstaande.

Hierdie belasting het vir Israel groot rykdom gebring en is deur tempelwagte bewaar. Indien 'n wag aan diens geslaap het, het die hoofwag die klere aan sy lyf aan die brand gestee en hom daarna ontslaan. Dis waar die Engelse uitdrukking *you're fired* vandaan kom. Dit verklaar ook Openb.16:15: *"Kyk, Ek kom soos 'n dief. Salig is hy wat waak en sy klere bewaar, sodat hy nie miskien naak rondloop..."*

Die veiligheid van die tempel was aan 'n hoofman met bekwame wagte toevertrou (Hand.4:1). Hy het die sleutels van die tempel gedra - die *sleutelfiguur*. Die tempel is 24 uur per dag bewaak. Veral snags wanneer

die nagwag uit 240 Levitiete en 24 ander stamlede bestaan het. Rowers het dikwels snags toegeslaan. *"Maar die dag van die Here sal kom soos 'n dief in die nag..."* (2 Petr.3:10).

## 2.2 Die Esegïel-teëls

Benewens die Koperrol is daar nog 'n bron wat lig op die verlore heilige voorwerpe werp - die Esegïel-teëls. Hierdie 66 albaster en swart basaltteëls is jare gelede in die graf van die profeet Esegïel in Kafr Al-Kafil (Irak) gevind. Dit was destyds nie ongewoon om belangrike manuskripte en ander geskrewe materiaal saam met die liggaam van 'n belangrike persoon te begrawe nie. Die Talmoed noem dit ook.

Die Esegïel-teëls maak van toegewyde priesters melding wat van die tempelskatte na geheime wegsteekplekke naby die berg Karmel geneem het. Hierdie teëls word tans in die Yad Ben Zvi Instituut in Jerusalem bewaar en kan geleerdes moontlik help om van die heilige voorwerpe op te spoor.

## 3. Die ashouer

Reinigingswater was vir die Jode baie belangrik. Die as van 'n rooi koei wat op die Olyfberg geoffer is, was 'n belangrike bestanddeel daarvan. Die Mishneh Tora sê dat so 'n koei 2-4 jaar oud moes wees. Reinigings-water is uit haar as verkry nadat dit met 'n sekere rooi garedraad, sederolie en hissop gemeng is. So 'n dier moes suiwer rooi wees. Een haar van 'n ander kleur sou haar ongeskik

vir die offer gemaak het. Suiwer rooi beeste is skaars. Die meeste het een of ander kleurgebrek.

Volgens die Mishneh Tora is die rooi koei maar min geoffer. Een keer tydens Israel se woestyntog en 'n ander keer in die tyd van Esra. Daarna is dit net vyf keer tot en met die verwoesting van die Tweede Tempel geoffer. Die as van vorige offers is telkens by die nuwes gevoeg om 'n fisiese voortsetting van die offer te verkry.

Hierdie reinigingswater het groot medisinale waarde gehad. Dit het kieme vernietig en ontsteking voorkom. Die sederolie daarin is van 'n sekere jenerbessie wat in die Sinai-gebied gegroei het, verkry. Dit het die vel geprikkel sodat die hande vinnig gevryf moes word. Die hisopolie daarin is 'n ontsmettingsmiddel wat vandag nog gebruik word. Dit het die Jode teen dodelike ontsteking beskerm.

Die Jode se persoonlike gesondheidsorg het hulle kop en skouers bo die heidennasies laat uitstaan. As in gedagte gehou word dat die gevaar van kieme en ontsteking eers teen die 1880's ontdek is nadat medici die noodsaaklikheid vir basiese higiëne begin verstaan het, is dit wonderlik dat God dit alreeds meer as 3500 jaar tevore onder sy volk se aandag gebring het!

'n Perkamentrol wat in 1952 by Koemran gevind is, meld dat die laaste offer van die rooi koei in 68 nC, d.w.s. minder as twee jaar voor die verwoesting van Jerusalem, plaasgevind het. By hierdie geleentheid het die priesters die as in 'n kleihouertjie gesit en laat begrawe ten einde

dit later weer te herwin. Wat 'n opskudding sal dit nie veroorsaak indien hierdie as gevind word nie! Dit sal 'n wesenslike bydrae tot die reiniging van die Derde Tempel lewer.

#### **4. Die salwingsolie**

Inligting uit die Koperrol het tot 'n suksesvolle soektog na die *shemen afarsimon*, 'n heilige salwingsolie, gelei. Hierdie olie het na die verwoesting van die Tweede Tempel verlore geraak. 'n Paar jaar gelede is 'n kleihouer met olie wat al tot 'n gelatienagtige stof verhard het in 'n grot by Koemran gevind. Dit was in palmlare toegedraai en 'n meter diep begrawe om dit teen hoë temperature te bewaar.

Tydens 'n ontleding daarvan is bevind dat dit al vyf die bestanddele wat vir die salwing van konings voorgeskryf is, bevat (Ex.30:23-31). Navorsing het getoon dat dit bykans 2,000 jaar oud was. Die Talmoed sê dat 'n druppel salwingsolie water melkerig wit maak. Hierdie olie het!

Een van die bestanddele daarvan is 'n baie skaars balsem-olie. Dis in die verlede so waardevol geag, dat Kleopatra haar minnaar, Markus Antonius, vir 'n laning balsembome by 'n oase naby Jerigo gevra het. Op daardie tydstip was daar net twee lanings in Palestina bekend - een by Jerigo en die ander by Engedi.

Toe dit duidelik was dat Jerusalem verwoes gaan word, het Joodse priesters hierdie twee lanings laat afbrand om

te verhoed dat dit in vyandshande val. Daarna kon geen salwingsolie gemaak word nie.

Miskien was dit 'n bydraende faktor waarom daar nie weer 'n tempel gebou is nie. Sonder salwingsolie kan geen priester of heilige voorwerp gesalf word nie. Vandag is dit wel moontlik. Dinge is besig om vir die bou van die Derde Tempel in plek te val.

## 5. Dalk in Jerusalem?

Dis moontlik dat baie van die heilige voorwerpe Jerusalem nooit verlaat het nie, maar iewers onder die Tempelberg versteek is. Salomo het juis hierdie ondergrondse plekke laat inrig om inwoners en kosbaarhede teen vyandige aanvalle te beskerm. Dis ook vir die berging van graan en ander lewensmiddele gebruik om Jerusalem vir minstens 10 jaar van lewensmiddele te voorsien. Geen stad was so goed teen 'n beleg ingerig nie. Jerusalem is 27 keer aangeval; meer as enige ander stad ter wêreld!

Toe argeoloë 'n paar jaar gelede op die ou Wespoort afkom, het WAQF geeis dat die tunnel onmiddellik met beton afgesluit moes word. Mense wat in die tunnel was, het daarna gesê dat alhoewel hulle nie nader kon gaan nie, hulle verskeie goue voorwerpe op 'n afstand gesien het.

## 6. Die goue kandelaar

Baie van die tempelvoorwerpe wat tydens die Romeine verwoesting van Jerusalem gebuit is, is heelwaarskynlik

met verloop van tyd vir ander gebruike opgesmelt. Sommige het later in besit van die Roomse Kerk gekom. Heelwaarskynlik ook die goue kandelaar (menora) wat op 'n driepoot in die tempel gestaan het.

Exodus meld dat hierdie kandelaar sewe arms gehad het en van suiwer goud gemaak is. Dit was die simbool van Joodse gesag en is op verskeie muntstukke in die tyd van die Tweede Tempel uitgebeeld.

Israel dring al baie jare by die Roomse Kerk aan om die voorbeeld van die eertydse Perse te volg wat al die skatte wat die Babiloniërs gebuit het aan die Jode terugbesorg het. *“En koning Kores het die voorwerpe van die huis van die Here uitgelewer wat Nebukadneser uit Jerusalem weggevoer en in die huis van sy god gesit het”* (Esa 1:7).

In 2004 het twee rabbis, Shlomo Amar en Yonah Metzger, pous Johannes Paulus II in die Vatikaan besoek. Tydens 'n gesprek het rabbi Amar hom na die verlore tempelvoorwerpe en goue kandelaar (menora) gevra omdat hy geweet het dat dit in Rome was. Alhoewel die pous dit heftig ontken het, het die rabbis geweet dat hy lieg.

Geskiedkundige bronne bevestig dat die seëvierende Romeinse soldate baie van die tempelvoorwerpe na Rome weggevoer en daarna as oorlogsbuit in die *Tempel van Vrede* uitgestal het. Die goue kandelaar word bv. op die triomfboog van Titus afgebeeld wat vir die oorwinnings-mars van die terugkerende Romeinse leër opgerig is. Pous Pius VII het in 1821 herstelwerk daaraan

gedoen en 'n gedenkplaat laat aanbring wat lui dat die triomfboog vir beide godsdiens en kuns belangrik is.

Die Jode verag hierdie triomfboog wat soldate uitbeeld wat die goue kandelaar soos 'n oorwinningstroeë dra. Dit spreek van nederlaag en 'n ontheiliging van dit wat heilig is. Met die herstel van die staat Israel in 1948 is dit waarvoor die triomfboog staan, gedane sake en behoort die kandelaar terug te kom. Dit sal die onreg wat genl. Titus die Jode aangedoen het, omkeer.

### ***Die Verbondsark.. vervolg***

## **HOOFSTUK 5**

### **DIE VERBONDSARK**

#### **1. Die allerheiligste voorwerp**

Die verbondsark het bykans 500 jaar in die Tabernakel gestaan alvorens dit in die tempel geplaas is. Dit het egter na die verwoesting van die eerste tempel spoorloos verdwyn. Dit was vir Israel die allerheiligste voorwerp omdat dit God in hulle midde versinnebeeld het. Daarom het hulle dit selfs in tye van oorlog na die gevegsfront saamgeneem.

Tydens Israel se besitname van Kanaän was die verbondsark 'n verskrikking vir die vyand. Argeoloë wat in 1930-36 opgrawings by Jerigo gedoen het, het die oorspronklike stadsmure gevind wat tydens Israel se optog met die verbondsark ineengestort het (Jos.6).

Benewens die vervaardiging van die verbondsark het God ook aan Moses duidelike voorskrifte gegee oor hoe dit hanteer moes word (Num.4:15). 'n Oneerbiedige hantering daarvan is selfs met die dood gestraf. Toe die inwoners van Bethsemesh dit by geleentheid nie reg hanteer het nie, het meer as 50,000 van hulle gesterf (1 Sam.6:19).

Wat ná die koningskap van Salomo van die verbondsark geword het, is onseker. Dit het beslis nie in die Tweede Tempel gestaan nie. Sommige mense glo op grond van Openb.11:19 dat God dit as straf vir Israel se afvalligheid



in die hemel opgeneem het: *“En die tempel van God het in die hemel oopgegaan, en sy verbondsark is in sy tempel gesien...”* Die meeste glo egter dat dit nog steeds bestaan en iewers weggesteek is om ’n groot rol in die toekoms te speel.

## 2. ’n Uitsonderlike kunswerk

Die verbondsark was van akasiahout gemaak - 115cm. lank, 68 cm. breed en 68 cm. Diep. Dis aan die binnekant met bladgoud uitgevoer. Die deksel met twee engelwesens daarop was van suiwer goud. Aanvanklik was die twee kliptafels met die Tien Gebooie daarop, Aäron se staf asook ’n houër met manna binne in dië kis. Met die inwyding van die Eerste Tempel was slegs die Tien Gebooie daarin oor (1 Kon.8:9).

Die verbondsark het vier ringe aan die kante gehad waardeur twee goudbedekte houtstawe gesteek om deur Leviete skouerhoog gedra te kon word. Dit was enig in sy soort en onvervangbaar.

*“En as julle vermenigvuldig en vrugbaar word in die land in dië dae, spreek die HERE, dan sal hulle nie meer sê: Die verbondsark van die HERE nie. Ook sal dit in die hart nie opkom nie, en hulle sal daaraan nie dink en dit nie soek nie, en dit sal nie weer gemaak word nie”* (Jer.3:16).

## 3. In Jerusalem of Ethiopië?

### 3.1 Jerusalem

Baie geleerdes glo dat die verbondsark Jerusalem nooit verlaat het nie, maar iewers onder die Tempelberg weggesteek is om dit uit die hande van invallers te hou. Koning Salomo het glo ’n voorgevoel gehad dat die tempel verwoes gaan word en ’n plek van veilige bewaring daarvoor ingeruim.

Die laaste aangetekende keer dat die oorspronklike verbondsark wel in die hande van Israel was, was toe koning Salomo een van sy vroue gelas het om die gebied waar dit gestaan het te verlaat ( 2 Kron.8:11). Volgens Joodse oorlewering het koning Josia 35 jaar voor die verwoesting van die tempel ’n profetiese gesig van dië ramp gehad en die verbondsark en ander tempelvoorwerpe onder die Tempelberg laat wegsteek.

Die befaamde Amerikaanse argeoloog dr.Vendyl Jones soek al jare lank na dië wegsteekplek. Sy navorsingswerk was die aansporing vir die baie gewilde *Indiana Jones* rolprentreeks. Hy het jare gelede ’n ondergrondse tunnel ontdek wat vir 28 km. vanaf die Jaffahek in die rigting van die Dooiesee strek. Jones meen dat dit die pad is waarlangs die verbondsark na die geheime wegsteekplek geneem is.

Daar was egter nie net een verbondsark nie. Die Talmoed maak van ’n tweede melding wat so goed nagmaak is, dat dit nie van die oorspronklike een

onderskei kon word nie. Toe koning Josia in 2 Kron.35:3 vir die Leviete sê: “*Sit die heilige ark in die huis wat Salomo...gebou het; julle hoef niks meer op die skouers te dra nie...*” was dit heelwaarskynlik die namaaksel omdat die oorspronklike toe alreeds verdwyn het. Daarom kon dit sonder vrees vir straf verskuif word. Josia sou uiteraard nie die verskil geken het nie.

Op 15 Mei 1992 het CBS TV-netwerk berig dat ’n sekere rabbi Getz die verbondsark in ’n kamer onder die Tempelberg gewaar het. Voordat hy verdere ondersoek kon instel, het Palestyne van bo af deurgebreek en die tunnel na dië kamer met beton verseël om verdere ondersoek te verhoed. Wat het die rabbi gesien? Die oorspronklike of die namaaksel?

## **3.2 Ethiopië**

### **3.2.1 Omgeruil**

Sommige geleerdes glo dat die verbondsark tot onlangs in Ethiopië was. Dit was glo een van die redes waarom Italië Ethiopië in 1935 binnegeval het. Hulle wou die verbondsark buit. *The Toronto Star* van 19 Julie 1981 berig dat ’n Joodse sindikaat ’n Franse versekeringsmaatskappy in Julie 1936 genader het om die verbondsark in Ethiopië teen moontlike oorlogskade te verseker. Hulle was bang dat die Ethiopiërs dit teen die vyand sou gebruik en die verbondsark beskadig word.

Die Ethiopiese tradisie lui dat koning Salomo tydens die koninging van Skeba se besoek (2 Kron.9) ’n seun,

Menelik, by haar verwek het. Hy was sy vader se ewebeeld. Nadat hy gespeen is, het sy hom na Salomo teruggestuur om in die paleis groot te maak en in die Judaïsme onderrig te word. Toe Menelik 19 jaar oud was, is sy moeder oorlede waarna hy met die verbondsark en ’n aantal vrywillige Jode na Ethiopië vertrek het.

Die verbondsark is glo eeue lank ondergronds in die kerk van *Maria van Sion* in Aksum bewaar, ’n Ethiopies Ortodokse Kerk met muurskilderye wat ’n merkwaardige verhaal vertel van hoe die verbondsark daar beland het. Die verhaal kom uit die *Boek van die Verheerliking van die Konings* (Kebra Negast).

Omdat Jerusalem 4000 km van Ethiopië is en Menelik dit heelwaarskynlik nooit weer sou sien nie, het Salomo vir hom ’n namaaksel van die verbondsark laat maak om saam te neem. Salomo se afvalligheid het Menelik egter baie bekommer, veral nadat hy afgode in die tempel toegelaat het net om sy volksvreemde vroue te paai. Tydens die afskeidsgeselligheid wat Salomo vir Menelik gehou het, het die bewakers van die verbondsark besope geraak waarna die prins die namaaksel met die oorspronklike een omgeruil en na Ethiopië vertrek het.

Menelik wou dit in bewaring hou totdat Israel haar van haar afgodery bekeer het en dan terugstuur. Dit het egter nooit gebeur nie. Israel het tot en met die ballingskap (722vC) hoofsaaklik goddelose konings op die troon gehad. Daarom is die verbondsark nooit teruggestuur nie.

Die nasate van Menelik het hulself die *Huis van Israel* genoem en staan vandag as die Falasha Jode bekend. Hierdie vorstehuis het tot in die 20 ste eeu in Ethiopië regeer. Die Ethiopiese vorstegeskiedenis maak van 'n koninging Judith melding wat teen 950 nC in Ethiopië regeer het. Die Islamiete het die land twee eeue later verower.

Die Joodse vorstehuis het in 1558 weer aan bewind gekom, 'n bewind wat tot en met 1974 geduur het toe die vorstehuis van keiser Haile Selassi tydens 'n Kommunistiese staatsgreep omver gewerp is. Selassi wat homself die *Leeu van Juda* genoem het, is in 1975 oorlede.

### **3.2.2 Die Maria van Sion kerk**

Die verbondsark is na bewering lank in die Maria van Sion kerk bewaar. 'n Geheime gang het na 'n verborge plek gelei waar priesterlike wagte van die Ethiopies-Joodse vorstehuis dit eeue lank bewaak het. Die heiligdom bestaan uit sewe ondergrondse sirkelmure. Priesters van die Ethiopies-Ortodokse kerk word slegs binne die eerste vier mure toegelaat en hoëpriesters in die vyfde en sesde. Die verbondsark was binne die sewende sirkelmuur wat slegs deur die arkbewaarder betree is.

Die arkbewaarder is op sewejarige ouderdom uit die hoëpriesterlike familie gekies om die verbondsark lewenslank te bewaak. Hy het 225 dae per jaar gevas en sy tyd met gebed, bepeinsing en die bewaking van die

verbondsark deurgebring. Hy het die plek slegs met sy dood verlaat waarna 'n volgende seuntjie gekies is.

Israel het altyd goeie betrekkinge met wyle keiser Haile Selassi gehad en Ethiopië dikwels van tegnisi voorsien. Nadat die hele Jerusalem in 1967 in Joodse besit gekom het, is Selassi gereeld oor die verbondsark gepols en versoek om dit na Jerusalem terug te stuur. Hy het egter geglo dat die tyd daarvoor nie ryp was nie en dat God hom 'n duidelike teken sou gee.

Na die Marxistiese oornome van Ethiopië het baie van die koningshuis in die gevangenis beland. Kroonprins Zera Yacob het egter ontvlug en in Engeland asiel verkry. 'n Agterkleinseun, prins Stephen Mengesha, het in Kanada gaan woon. Sy pa, prins Mengesha Seyoum, was 'n goewerneur-generaal van die Noordelike provinsie waar Aksum is.

Prins Stephen het tydens in 'n onderhoud met 'n Amerikaanse TV span in 1990 bevestig dat die verbondsark in die Maria van Sion-kerk was en dat hy die Britse koninklike egpaar tydens 'n staatsbesoek daarheen geneem het. Die oorspronklike kerk het egter in die 16de eeu afgebrand waarna 'n nuwe een op dieselfde fondament gebou is. Die ondergrondse heiligdom is egter nie deur die brand beskadig nie.

Duisende Falasha Jode het na 1948 na Israel teruggekeer soos Sefanja voorspel het: *“Oorkant die riviere van Kus vandaan sal my aanbidders, my verstrooide gemeente,*

*my offerande bring*" (Sef.3:10). Israel het hulle eers in 1989 kragtens die *Terugkeerwet* as wettige Jode aanvaar.

### **3.3 Die geheime sending**

Gedurende die middel 1990's het 'n geheime Israeli sending aan die einde van die Ethiopiese burgeroorlog na Ethiopië vertrek om die verbondsark te gaan haal. Dis gedoen nadat Israeli veiligheidspolisie met die Marxistiese bevelvoerders gaan praat het. 'n Paar welgestelde Jode het die geld wat vir die prysgawe van die verbondsark geeis is, betaal.

Kort hierna het 'n ongemerkte Israeli vragvliegtuig een nag met 'n taakspan asook afstammeling van Levi na Ethiopië vertrek om die verbondsark te gaan haal. Die Leviete moes die verbondsark volgens voorskrif dra (Num.4:15). Dis na die wagtende vliegtuig gedra nadat 'n namaaksel daarvan in die Ethiopiese kerk agtergelaat is.

Dit maak eintlik nie saak waar die verbondsark tans is nie. Dat dit binnekort 'n beduidende rol gaan vervul, is seker. Die onthulling daarvan sal die Jode aanspoor om die Derde Tempel te bou. Dit was immers die doel van die tabernakel sowel as die Eerste Tempel - om 'n tuiste vir die verbondsark te wees.

Daar is net een probleem - watter verbondsark is destyds na Jerusalem gebring? Is dit werklik die oorspronklike een? Kan dit nie dalk die namaaksel nie? Daar is net een manier om dit vas te stel - iemand sal daaraan moet

raak. Ussa het met sy lewe daarvoor geboet (2 Sam.6:6,7)!

## HOOFSTUK 6

### DIE ANTICHRIS

#### 1. 'n Werlike persoon

In 2 Thess.2:3,4 skryf Paulus dat daar aan die einde van die tyd weer 'n tempel (in Jerusalem) sal wees: "Laat niemand julle op enige manier mislei nie, want eers moet die afval kom en die mens van die sonde geopenbaar word, die seun van die verderf, die teëstander wat homself verhoog bo al wat God genoem word of voorwerp van aanbidding is, sodat hy in die tempel van God as God sal sit en voorgee dat hy God is".

Oud-Israel het nie met dekades gewerk nie, maar met heptades - periodes van sewe jaar. Tydens die bou van die Derde Tempel sal die Antichris 'n verdrag van sewe jaar met die Jode sluit. Dit sal heelwaarskynlik met die befondsing daarvan te doen hê. Na 42 maande sal hy die verdrag verbreek en die tempel ontheilig.

Die Antichris is nie bloot 'n bose mag soos baie mense glo nie, maar 'n werklike persoon. Hy is die teenbeeld van Christus en derhalwe die *Antichris* (1 Joh.2:21; 1 Joh.4:3; 2 Joh:7). Johannes is die enigste Bybel-skrywer wat hom so noem. Soos wat Christus die vleeswording van God is, is die Antichris diè van die Satan. Hy is al tevore in 'n mens beliggaam (Luk.22:3).

Die Antichris is 'n Westerse leier wat met die Jode 'n ooreenkoms sluit. Hy sal die Jode sowel as die nie-Jode as 'n Messiaanse figuur betower, maar na 42 maande sy

ware kleure wys as hy die offerdiens gaan opskort net omdat hy die mag daartoe het.

In Openbaring noem Johannes hom die *dier* omdat 'n dier sonder die goddelike moontlikheid van gemeenskap met God is. Soos wat Johannes die Doper Christus se wegbereider op aarde was (Mt.11:10), is die valse profeet diè van die Antichris. Beide word met die laaste oordeel in die verdoemenis gewerp (Openb.19:20).

#### 2. Antiochus IV

Wanneer Johannes van *baie Antichriste* praat (1 Joh.2:18), bedoel hy dat daar in sy tyd alreeds prototipes van die Antichris werksaam was. Twee honderd jaar tevore het die Jode in Antiochus IV 'n voorsmaak van so 'n persoon gehad. Hy is Epiphanes (*verhewene*) genoem; een van die baie titels waarmee hy homself vereer het. Ou Rabbynse bronne verwys na hom as *harasha* (die booswig). Sy Griekse naam was Mithridates.

Antiochus was die troonsnaam van 'n hele aantal Griekse konings wat van 312-64 vC oor Sirië regeer het. Antiochus IV is in 215 vC gebore en in 164 vC op 51 jarige leeftyd in Persië (Iran) oorlede nadat hy 11 jaar lank met 'n ysterhand oor Sirië regeer het.

Hy was 'n betowerende spreker; iets wat hy in Rome geleer het om mense mee te beïndruk. Ondanks sy aansien het hy niemand vertrou nie en gedurig wrokke teenoor ondergeskiktes gekoester, veral die Jode wat deur Tacitus as 'n *stywenek* nasie beskryf is.

Toe Antiochus IV by geleentheid Egipte wou aanval, het die Romeinse keiser hom verhoed waarna hy hom op die Jode in Jerusalem gaan wreek het. Onderlinge struweling het hom die geleentheid gebied om in die Jode se huishoudelike aangeleenthede in te meng. Toe dit 'n polities-godsdienstige kleur verkry, het hy sy kans waargeneem en die wêreld vir hulle omgekeer!

Antiochus IV het die Jode probeer ver-Grieks deur Judaïsme te verbied en hulle te dwing om Zeus te aanbid. Hy het 'n sekere Apollonius met 'n gedugte leer deur die land gestuur om alle teenstanders uit te wis en hulle eiendom te verwoes. Nagenoeg 40,000 is om die lewe gebring en nog 40,000 as slawe weggevoer.

Jode is selfs verbied om hulself Jode te noem. Hulle was Griekse burgers. Daarbenewens is hulle nie toegelaat om Sabatte of ander godsdienstige feeste te vier nie. Hulle is gedwing om aan heidenfeeste deel te neem. Wederstrewiges is voor die voet doodgemaak.

Twee moeders wat hul seuntjies in die geheim laat besny het, is deur hul eie mense verraai en saam met hul kinders van die tempel se dak afgegooi. Jode wat in nabygeleë grotte in die geheim die Sabbat gevier het, is gevang en lewendig verbrand!

Antiochus IV het 'n Atheense senator aangestel om die Jode te dwing om hul kulturele- en godsdienstegebruike te laat vaar. Alle heilige geskrifte moes aan die nuwe owerheid vir vernietiging oorhandig word. Enige besit daarvan is met die dood gestraf. Daarna het Antiochus

IV die tempel ontheilig deur 'n beeld van Zeus daarin te plaas en 'n vark op die altaar te laat offer. Manasse het ook 'n afgod in die tempel laat plaas: "En hy het ook 'n gesnede afgodsbeeld wat hy gemaak het in die huis van God opgestel" (2 Kron.33:7).

Antiochus IV het met sy *verdeel-en-heers* beleid groot verdeeldheid onder die Jode gebring. Hy het Grieksgesinde Jode skaamteloos bevoordeel en 'n paar van hulle selfs hoëpriesters van Zeus gemaak. Daarbenewens het hy ook van die tempelskatte gebuit en Jode gedwing om varkvleis te eet.

Antiochus IV het hom egter met die karakter en geloof van die Jode misgis. Dit kon nie met mag en geweld vernietig word nie. Sy skrikbewind het die godsdiens- en politieke bewussyn van die Jode laat opvlam waarna 'n suksesvolle opstand onder leiding van die Makkabeërs gevolg het. Antiochus IV is kort hierna in Persië oorlede.

### **3. Die gruwel**

Christus verwys in Mt.24:15 na die optrede van die Antichris en noem hom die *gruwel van die verwoesting* n.a.v. 'n gesig van Daniël. Die Antichris sal dieselfde gees as Antiochus IV adem en ook vir 42 maande 'n ongekende skrikbewind voer. In hierdie tyd sal hy die tempel ontheilig en almal dwing om hom te aanbid.

Die woord *gruwel* hou met die seremoniële reiniging verband en is moeilik om te vertaal. Die Polinesiese

woord *taboo* kom die naaste hieraan. In Afrikaans is *verfoeilik* miskien 'n goeie vertaling.

In die Bybel sowel as die Rabbynse Hebreeus verwys *gruwel* ook na 'n afgod of afgodery. In Dan.11:31 word dië woord vir die verfoeilike dinge gebruik wat die Jode onder Antiochus IV sou smaak. Geleerdes is dit eens dat hierdie profesie nie slegs op gebeure in die tyd van Antiochus IV dui nie, maar ook op toekomstige gebeure.

In sy tweede brief aan die gelowiges in Thessalonika skryf Paulus dat die Antichris aan sekere eienskappe geken sal word. Hy sal fisies in die tempel sit en voorgee om God te wees. Daarbenewens sal hy die ware godsdiens teenstaan, wonders doen en die toonbeeld van boosheid wees. Sy skrikbewind sal tot en met die oordeelsdag duur.

#### 4. Vroeë menings

Irenaus skryf dat die Antichris dalk uit Dan sal kom en haal Jer.8:16 aan: *“Van Dan af word die gesnuif van sy perde gehoor, vir die geluid vir die runnik van sy perde bewe die hele land; en hulle kom en eet die land op en sy volheid, die stad en die wat daarin woon”*.

Hy skryf dat Dan nie in die lys van die stamme wat in Openb.7 gemeld word voorkom nie. Hippolitus van Rome het ook geglo dat die Antichris uit Dan gaan kom. In 'n ander werk reken Irenaus dat die Antichris uit die Latynse wêreld gaan kom en noem hom *Lateinos* (Latynse man).

Mense het deur die eeue dikwels na die pous as die Antichris verwys. Kardinaal Benno het pous Gregorius VII (1015-1085) as die Antichris beskou omdat sy optrede nie die liefde van Christus weerspieël het nie. In 1241 het Eberhard II, die aarsbiskop van Salzburg, pous Gregorius IX as die Antichris veroordeel en die pousdom die *horinkie* genoem wat Daniël voorspel (Dan.7:8). Luther en Calvyn het ook die pous as die Antichris beskou.

#### 5. Van korte duur

Die Derde Tempel sal net sewe jaar op die Tempelberg staan alvorens die wederkoms van Christus plaasvind. Oor hoe die Antichris 'n greep op die tempel gaan kry, kan slegs bespiegel word. Dit sal heelwaarskynlik met die bou en befondsing daarvan te doen hê.

Na 42 maande gaan hy egter sy ware kleure wys en die diere-offers opskort. Daarmee word die laaste 42 maande op aarde, die Groot Verdrukking, ingelei. *“En van die tyd af dat die voortdurende offer afgeskaf en die ontsettende gruwel opgerig word, sal duisend-tweehonderd-en-negentig dae verloop”* (Dan.12:11).

In hierdie tyd sal die Antichris 'n wêrelddiktator wees en as 'n universele god aanbid word. Die profeet Daniël sê dat gelowiges benewens hierdie tyd nog 45 dae van verdrukking sal moet verduur waarna die einde aanbreek (Dan.12:12). Die wederkoms van Christus kan dus 2,600 dae (7 jaar 1 maand en 23 dae) na die inwyding van die Derde Tempel plaasvind. Dis egter blote rekenkundige bespiegeling. Hy sal op die regte tyd kom (Mt.24:36)!

Die Jode gaan egter die wreedste van almal ontnugter word wanneer hulle beseft dat hulle al die tyd aan die verhoog van die Antichris gebou het! Gelowiges wat hom teenstaan, sal selfs gedood word:

*“En ek het die vrou gesien, dronk van die bloed van die heiliges en van die bloed van die getuies van Jesus...”* (Openb.17:6).

*“...en ek het die siele gesien van die wat onthoof is oor die getuies van Jesus en oor die Woord van God, en die wat die dier en sy beeld nie aanbid het nie, en die merk op hul voorhoof en op hulle hand nie ontvang het nie...”*(Openb.20:4).

Die aanbidding van die Antichris is in der waarheid ’n herlewing van die ou Romeinse keiseraanbidding. Die Antichris kom uit die finale herlewing van die Heilige Romeinse Ryk (HRR) wat eers in Europa en daarna oor alle mensdom beheer verkry. Die profeet Daniël sowel as die apostel Johannes verwys hierna (Dan.2:40-45; 7:23-25 en Openb.13:1,7). Europa is tans besig om as ’n ekonomiese-, politieke- en militêre reus op ’n nuwe wêreldverhoog te verenig. Al wat ontbreek, is ’n sterk leier en hy is oppad – die pous!

## **6. Die wederkoms**

Christus wys sy dissipels op ’n aantal gebeure wat sy wederkoms vooraf gaan. Oor wanneer dit gaan plaasvind, kan hoogstens bespiegel word. Dit hou wel met die bou van die nuwe tempel verband: *“En hy het vir*

*my gesê: Tweeduisend-driehonderd aande en môres, dan sal die heiligdom in sy regte staat herstel word”* (Dan.8:14).

Dit lyk asof die bou en voltooiing van die nuwe tempel ongeveer 76 maande gaan duur waarna dit vir 42 maande as Joodse heiligdom gebruik sal word. Daarna sal die Antichris dit vir ’n verdere 42 maande misbruik. Rekenkundig bereken, kan die wederkoms van Christus dus 160 maande na die aanvang van die tempelbou plaasvind. Dit bly egter net bespiegeling.

In die Profetiese Rede sê Christus dat dieselfde geslag wat die Jode na Israel sien terugkeer, ook sy wederkoms sal beleef (Mt.24:32,34). ’n Geslag word op 70 jaar bereken (Ps.90:10). Rekenkundig bereken, kan die wederkoms dus 70 jaar na 1948 plaasvind d.w.s in 2018.



## HOOFSTUK 7

### DIE ANTICHRIS

#### 1. Die Sanhedrin

##### 1.1 'n Woestynraad

Die Sanhedrin (Grieks vir *vergadering*) is 3,500 jaar gelede tydens Israel se woestyntog in die lewe geroep. God het Moses 70 oudstes laat kies om hom by te staan (Num.11:16-17). Hierdie raad het alle godsdienstige en wetlike magte vertolk totdat Jerusalem in 586 vC verwoes is. Ná die ballingskap het Esra die Sanhedrin laat herleef om hom met die herbou van die tempel te help.

Die Sanhedrin was eeue lank die hoogste hof in Israel en het namens die volk oor godsdienstige sake beslis. Hulle het onder andere die reëls vir die tempeldiens bepaal en toegesien dat dit uitgevoer word. Die laaste aangetekende vergadering van die Sanhedrin was in 453 nC by Tiberias.

##### 1.2 Die nuwe Sanhedrin

Alvorens die Derde Tempel gebou kan word, moet 'n nuwe Sanhedrin saamgestel word om besluite oor die godsdienstsgebruik, offers en toelatingsvereistes vir die priesterskap te neem. Dis op 13 Oktober 2004 gedoen toe rabbi Elyasiv en 70 vooraanstaande rabbis die nuwe Sanhedrin gevorm het - 71 lede soos van ouds.

Die herinstelling van die Sanhedrin is 'n beduidende stap in die rigting van die bou van die Derde Tempel. Die nuwe Sanhedrin het dadelik aan die werk gespring en opdragte vir die maak van bykans 100 heilige tempelvoorwerpe gegee.

Daar word sedert Januarie 2005 maandeliks in Jerusalem vergader om oor sake rakende die bou en inrigting van die nuwe tempel te beraadslaag. Een van die eerste take was om die juiste ligging van die Eerste Tempel vas te stel. Die Sanhedrin word as die enigste bevoegde liggaam beskou om dit aan te wys.

Hulle het belanghebbendes wat met navorsing oor die Derde Tempel besig is, versoek om alle ter saaklike inligting beskikbaar te stel. Die Sanhedrin doen ook gereeld oproepe vir skenkings omdat die Derde Tempel een van die duurste bouprojekte in die geskiedenis gaan wees.

Hulle beplan om groot dele van die tempel vooraf te laat vervaardig sodat dit, soos tydens die bou van die Eerste Tempel, net op die Tempelberg aanmekaar gesit kan word. God het aan Dawid opdrag gegee om die boublokke vir die Eerste Tempel vooraf gereed te kry sodat dit in betreklike stilte aanmekaar gesit kon word. Baie van die boublokke lê alreeds reg vir gebruik!

Een van Christus se profesieë dui indirek op die herinstelling van die Sanhedrin: *“En bid dat julle vlug nie ...op die Sabbatdag mag plaasvind nie”* (Mt.24:20). Indien die Antichris 'n aanval op 'n Sabbat sou maak en die

Jode in Jerusalem se vlug tot 'n sabbatsreis (1000 meter) beperk is, kan hulle uitgewis word. Hierdie profesie dui dus indirek op 'n nuwe gesagsliggaam wat die gesag sal hê om die vyfde gebod op Jode af te dwing.

## 2. Nuwe priesters

### 2.1 Opleiding

Die Sanhedrin het met opleidingskole in Jerusalem begin waar meer as 500 jong Jode wat van Levi afstam as priesters opgelei word. Hulle word ook geleer om namaaksels van ou tempelinstrumente te bespeel. Jong Levitiese vrouens (*Yehuda Avrasham*) is tans besig om honderde priesterlike gewade van 'n uitsonderlike sesdraad katoengare te weef.

Op 4 April 1999 is Jode met die van Cohen (Hebreeus vir *priester*) tydens die jaarlikse *Priesterlike Seën* by die Wesmuur vir priesterlike gene getoets. 'n Amerikaanse genetikus het bevind dat alle Cohens oor 'n gemeenskaplike afwyking van die Y chromosoom beskik. Jode met die van Levi of Cohen word as afstammeling van die priesterlike geslag (Kohanim) beskou.

Ortodokse Jode bewaar die Kohanim en Levi'im al eeue lank vir toekomstige diens in die nuwe tempel. Eersgenoemdes is afstammeling van die priesterlike familie van Aäron en Ig. van Levi. Die Jode glo dat God hulle ook vir toekomstige tempeldiens bestem het.

### 2.2 Hoëpriesterlike drag

Alhoewel van die tempelvoorwerpe tydens die verwoesting van die Eerste Tempel gebuit is, het die borsplaat van die hoëpriester; 'n kunswerk van goud en 12 edelstene, nie in vyandshande geval nie. Dis in die Tweede Tempel gebruik en is net voor die verwoesting daarvan in die omgewing van Koemran weggesteek. Alhoewel die Koperrol sê waar dit weggesteek is, kan die plek nie meer geëien word nie.

Die *Tempelgenootskap* werk baie nou saam met die nuwe Sanhedrin en het 'n namaaksel van die borsplaat laat maak wat in die Derde Tempel gebruik sal word indien die oorspronklike een nie gevind word nie. Hierdie organisasie is aan elke aspek van die Derde Tempel toegewy en is in 1987 deur rabbi Yisrael Ariel, 'n oud valskermsoldaat in die Sisdagoorlog as 'n niewinsgewende organisasie met hul hoofkantoor in die Joodse woonbuurt van die Ou Stad gestig.

Die Ou Testament en Mishneh Torah skryf 'n pers-blou kleursel (*tchelet*) vir die maak van die hoëpriesterlike gewaad voor (Ex.28:31). Hierdie kleursel het uit die klier van 'n baie skaars seeslak (*Murex trunculus*) gekom wat net in die Middellandse See voorgekom het. Dit het eeue gelede uitgesterf. Daarsonder kan die tempeldiens nie hervat word nie.

In die laat 1990's het Israeliese duikers dieselfde slak in die Rooisee ontdek waarna 'n voorraad van die kleurstof gemaak is. Ongespinde wol verkry aanvanklik 'n helder

groen kleur as dit in dié kleursel gedruk word. Daarna word dit pers-blou as dit droog is. Dit word as 'n garedraad gespin en in die hoëpriesterlike kleed gebruik.

### 3. As van die rooi koei

Die Talmoed meld dat die Derde Tempel nie gebou kan word alvorens Leviete die Tempelberg ritueel gereinig het nie. Rituele reiniging was vir die Jode baie belangrik. Profete het simbolies daarvan gepraat: *“En Ek sal julle uit die nasies gaan haal en julle uit al die lande bymekaar laat kom, en Ek sal julle in jul land bring. Dan sal Ek skoon water op julle giet, sodat julle rein kan word...”* (Eseg.36:24,25). Reinigingswater is o.a. van die as van 'n ongeskonde rooi koei verkry (Num.19).

Joodse godsdiensteleiers het 'n paar jaar gelede 'n taakspan gestuur om ongeskonde rooi beeste in die buiteland te vind. Dis in Finland en Amerika gevind waarna 'n eie stoetery in Israel begin is. In Mei 1997 is 'n verskalf gebore wat aan al die vereistes van Num.19 voldoen het.

'n Tweede koperrol wat in 'n grot by Koemran gevind is, bevestig dat Esseners die asse van die laaste rooi koei saam met ander voorwerpe in die omgewing begrawe het. Argeoloë soek al jare lank in 'n grot suid van Jerigo daarna. Wat 'n opskudding sal dit nie veroorsaak indien hierdie houertjie met as gevind word nie!

Gedagtig aan die salwingsolie wat reeds gevind is, is dit nie onmoontlik dat dit wel kan gebeur nie. Dis egter nie 'n Skriftuurlike vereiste vir die hervatting van die

tempeldiens nie. Die as van 'n nuwe dier kan ook desnoods gebruik word.

### 4. Gereed om te offer

Na 70 nC is daar nooit weer op die Tempelberg geoffer nie. Die tempel was verwoes en die Jode verstrooi. Daar sal egter weer met die inwyding van die Derde Tempel geoffer word. Die Antichris sal hierdie diens egter na 42 maande opskort.

In April 2008 is berig dat rabbis gereed is om diere op die Tempelberg te offer. Dit het die Palestyne hewig ontstel omdat dit in die skaduwee van die Rotskoepel sal plaasvind en tot 'n *jihad* kan lei. Die meeste Jode het dit as 'n voorloper vir die reiniging van die Tempelberg verwelkom.

*The Jerusalem Post* (2 Julie 2009) berig dat Yitzak Aharonovitch, die Minister van Openbare Veiligheid, die vorige Dinsdagoggend (30 Junie) onverwags op die Tempelberg opgedaag het. Hy was deur twee polisiehoofde vergesel. Die Palestyne was baie omgekrap hieroor en het dit as 'n openlike uittarting beskou!

### 5. Die Tempelbergetrouheidbeweging (TGB)

Tisha b'Av is die Joodse nasionale dag waartydens die verwoesting van die twee tempels in herinnering geroep en bekla word. Dit word jaarliks op 9 Augustus herdenk. Die *Netemanei Har Habayit* of te wel Tempelbergetrouheidbeweging (TGB) is 'n paar jaar

gelede in die lewe geroep om Jode se aandag op die belangrikheid van die Tempelberg te vestig. Hulle glo vas dat die lot van Israel sowel as die ganse mensdom op die Tempelberg beslis sal word.

Die TGB wil die besondere band tussen Israel en die Tempelberg hernu en die Jode daarmee 'n nuwe fase in hul volksgeskiedenis laat betree. Hulle slagspreuk lui: *“Ons sal Jerusalem nooit weer verlaat en die stad nooit weer in vyandshande laat val nie!”*

In hulle beleidsdokument sê die TGB dat Israel God se uitverkore volk en werktuie van verlossing is. Tweedens sê hulle dat Hy Israel se grense vasgestel het en dat geen deel van die land derhalwe weggegee mag word nie. Derdens moedig hulle elke buitelandse Jood aan om na Israel terug te keer en aan die verlossingsproses deel te neem. Wie die uitnodiging nie aangryp nie, sal hierdie voorreg verloor. Laastens wy hulle hul opnuut aan God se opdragte soos in die Tanach verwoord word.

'n Groot groep Jode het op 10 Augustus 2000 na die Tempelberg beweeg om die Jode se aandag op die bou van die Derde Tempel te vestig. By hierdie geleentheid het hulle al Israel se vyande gewaarsku dat hulle optrede teen Israel alles tevergeefs is. Buitelanders hunker eerder na Arabiese olie as om Israel te ondersteun!

Tydens hierdie verrigting was almal in sak en as geklee en is daar uit Klaagliedere gelees. Daarna is swart vlae gewaai om die regering teen 'n derde verwoesting van Jerusalem te waarsku indien hulle die Islamiete nie van

die Tempelberg af verdryf nie. Daarna is Ex.34:12,13 as boodskap aan die regering gestuur: *“Neem jou dan in ag dat jy geen verbond sluit met die inwoner van die land waarin jy kom nie; sodat hy nie miskien 'n strik vir jou word nie. Maar hulle altare moet jy omgooi en hulle klippilare verbrysel”*

Die TGB wou alreeds op 16 Oktober 2000 die hoeksteen van die Derde Tempel op die Tempelberg lê, maar is deur die regering verhinder. Daarna het die optog na die Wesmuur beweeg waar 'n beroep op die regering gedoen is om nie vir die Palestynse bang te wees nie. God sou hulle help. Daarna is Ps.137:5,6 ter afsluiting gelees: *“As ek jou vergeet, o Jerusalem, laat my regterhand dan homself vergeet! Laat my tong kleef aan my verhemelte as ek aan jou nie dink nie, as ek Jerusalem nie verhef bo my hoogste vreugde nie”*

Op 27 Desember 2000 het die TGB saam met duisende buitelandse ondersteuners na die Tempelberg beweeg. Dit was op dieselfde dag dat pres. Clinton die Jode versoek het om Jerusalem aan die Palestyne te oorhandig. Die polisie het verhoed dat die optog verder gaan waarna die TGB die boodskap van Nehemia aan die Arabiere van sy tyd aan Clinton gestuur het: *“Die God van die hemel, Hy sal ons dit laat geluk, en ons, sy knegte, sal ons klaarmaak en bou; maar julle het geen deel of reg of gedagtenis in Jerusalem nie”* (Neh.2:20).

## HOOFSTUK 8

### TEENSTAND

#### 1. Godsdiensverskille

##### 1.1 Onderlinge verskille

Volgens Israel se Sentrale Statistiekdiens is Israel tans die grootste enkele Joodse gemeenskap ter wêreld met 'n bevolking van 5,4 miljoen Jode (2007). Amerika is tweede met 5,2 miljoen. Desondanks is Israel geen hemel op aarde nie, maar 'n sekulêre staat wat net so Judaïsties as is wat Amerika Christelik is!

Jerusalem is die hart en kroon van die land en die Tempelberg die kroonjuweel. Al wat ontbreek, is 'n sterk leier wat dié ruwe diamant tot die skoonheid wat dit verdien, te slyp. Ortodokse Jode kla egter dat Israel se politici en baie van die geestelikes nie verstaan wat God van die Jode verwag nie.

Daarom verskil Jode skerp van mekaar oor die wenslikheid van 'n derde tempel. Sommige meen dat dit eers na die koms van die Joodse Messias opgerig moet word terwyl ander reken dat dit letterlik vanuit die hemel op die Tempelberg sal neerdaal. Dit herinner aan die verbeeldingsvlug van sekere Joodse ballinge wat in Babel op 'n groot arend gewag het om hulle te kom opraap en na Jerusalem terug te neem.

Sommige geestelikes raai Jode weer af om die Tempelberg te betree omdat die afgodstempels daarop die gebied onrein maak. Dit veroorsaak ongelukkigheid onder baie Jode wat glo dat God hulle gebede verhoor en na Israel laat terugkeer het. Noudat hulle die geleentheid het om die tempel te bou, wil ander hul verhoed!

##### 1.2 Die TGB siening

Die TGB glo dat die Messias juis talm omdat die Derde Tempel nie gebou is nie. Die heidene moet eers van die Tempelberg verdryf word, alvorens die tempel gebou kan word. Eintlik plaas diegene wat talm hulself in ballingskap.

Die TGB stel vier vereistes vir vrede in Israel. (i) Nasies moet besin en ophou druk op Israel uitoefen (ii) Die Tempelberg moet deeglik gereinig word sodat die Derde Tempel gebou kan word (iii) Jerusalem moet internasionaal as die hoofstad van Israel erken word (iv) Alle vyande moet uit Israel verdryf word. God het die land net aan die Jode gegee.

Gershon Salomon (geb.1937) is een van die TGB se leiers en 'n afgetrede Israeli leëroffisier. Sy minagting vir die regering se betredingsverbod op die Tempelberg haal hom gereeld kritiek op die hals. Hy het al talle doodsdreigemente ontvang! Desondanks bly hy glo dat God hom bestem het om die tempelbouery aan die gang te kry.

In 1990 het die TGB 'n aankondiging gemaak dat hulle die hoeksteen van die Derde Tempel op die Tempelberg gaan lê. Dit het die Palestyne baie opstandig gemaak waarna Jode by die Klaagmuur met klippe bestook is. Tydens die daaropvolgende polisie-optrede is 17 Palestyne dood waarna 'n paar Jode kort daarna in vergeldingsaanvalle omgekom het.

Toe die TGB later weer die hoeksteen wou lê, is hulle deur 12 Ortodokse geestelikes teengestaan. Die regering was nie met die TGB se optrede gelukkig nie en het geglo dat die bou van 'n tempel op die Tempelberg katastrofiese gevolge vir vrede sou hê!

Tydens die Paasfees van 2001 het die TGB 'n skaalmodel van die Eerste Tempel na die Tempelberg gedra om as voorbeeld vir die toekomstige tempel te dien. Dit het die Palestyne so opstandig gemaak, dat die polisie die hekke na die Tempelberg moes sluit. Daarna het honderde strydvlugtige Palestyne teen die Joodse optog betoog.

Die TGB verwerp alle plaaslike en internasionale vredesonderhandelings met die Palestyne. Hulle skroom ook nie om hulle *afgodsdienaars* te noem nie. Die TGB verag derhalwe Maimonides se *goue middeweg*. Hierdie Middeleeuse Joodse geleerde het gesê dat daar altyd 'n middeweg tussen twee uiteenlopende standpunte bestaan.

### 1.3 Die Hervormde siening

Die Hervormde Jode is ook baie sterk teen die bou van 'n Derde Tempel gekant. Hulle beskou die ou tempeldiens en diere-offerandes as uitgediend. Die sinagoge is die moderne tempel. Hierdie sienswyse het in die 19de eeu onder Duitse Jode posgevat toe hulle Berlyn as die nuwe Jerusalem en sinagoges as die tempel aanvaar het.

Hierdie geesdriftige vereenselwiging met Duitsland het egter spoedig na die Joodse menseslagting van die Tweede Wêreldoorlog verdwyn. So ook die teenkantiing teen 'n eie staat. Hulle het egter die bou van 'n nuwe tempel teengestaan omdat hulle sinagoges as bedehuse verkies het.

### 1.4 'n New Age siening

Sommige Jode glo weer dat 'n nuwe tempel vrede tussen Jode, Islam en Christene sal bring. Elkeen sal 'n eie heiligdom op die Tempelberg hê. Onder hulle is die Tussengeloofsontmoetingsvereniging (I.E.A) wat o.l.v. Ohr Margalit, 'n dosent aan die Bar-Ilan Universiteit in Israel staan.

In 2007 het Yoar Frankel, 'n uitvoerende lid van die I.E.A, voorgestel dat die Derde Tempel langs die Rotskoepel op die Tempelberg opgerig moet word. Daarna moet 'n *profeet* (sterk godsdiensteier) dit in 'n universele aanbiddingsplek omskep om alle konflik op die Tempelberg te ontfont.

Die I.E.A glo dat hierdie tempel God se mandaat aan die Joodse volk is om aan die wêreld te toon dat daar te midde van al die geloofsverskille in werklikheid net een God is. Die bou van die Derde Tempel sal maak dat mense na die tempel sal stroom en Sagaria se voorspelling vervul word: *“En die Here sal Koning wees oor die hele aarde; in diédag sal die HERE een wees, en sy naam een”* (Sag.14:9). Talle rabbis en sjeiks het al positief hierop geantwoord!

Die groot probleem is hoe so 'n *profeet* aansien gaan verkry? Jode aanvaar nie charismatiese persoonlikhede nie. Hulle word eerder as sektaries beskou en verwerp. Daarbenewens sal so 'n leier die nodige wêrelderkenning moet geniet. Westerlinge sal ook nie by so 'n godsdiens aanklank vind nie. Die herinstelling van die Joodse tempeldiens en diere wat vir godsdiensdoeleindes doodgemaak word, sal hulle eerder afskrik.

Die I.E.A glo egter dat so 'n tempel in 'n wêreldbehoefte sal voorsien en vrede kan bring. Daarvoor haal hulle Jesaja 2:3 aan: *“En baie volke sal heengaan en sê: Kom laat ons optrek na die berg van die Here, na die huis van die God van Jakob, dat ons sy weë kan leer en ons in sy paaie kan wandel. Want uit Sion sal die wet uitgaan en die woord van die HERE uit Jerusalem”*.

Hulle glo dat so 'n tempel uitgebrei moet word om alle gelowe in te sluit ten einde 'n geestelike wêreldgemeenskap te vorm. Soos wat God vir Abraham vanuit die heidendom tot die saligmakende geloof gebring het om 'n nuwe volk te vorm om Hom te dien, sal

'n nuwe geloofsvolk met 'n eie tempel op die Tempelberg ontstaan.

## **2. Politieke verdeeldheid**

### **2.1 'n Ghetto lewenshouding**

Israëli-politici word herhaaldelik daarvan beskuldig dat hulle 'n ghetto lewenshouding inneem deur die wêreld vir Israel se bestaan en politiek om verskoning te vra. Hulle is meer oor die wêreldmening as hulle eie volk begaan. Daarom skik hulle eerder as om 'n ongewilde standpunt in te neem.

### **2.2 Toegewings**

Ehud Barak het die swaarste onder kritici deurgeloop. Geen Israëli premier was meer bereid om aan internasionale eise toe te gee as hy nie. En het die Palestyne sy swaakheid nie uitgebuit nie! Baie ortodokse Jode het Barak openlik as God se teenstander veroordeel. Het God Israel dan nie van meet af aan gewaarsku om geen deel van die land weg te gee nie?

Toe Barak die WAQF tydens sy premierstermyn die groenlig gegee het om hul aanbiddingsruimte op die Tempelberg te vergroot, was die gort gaar! Ontnugterde Jode het heftig beswaar teen sy toegewing aangeteken. Waarom moes hulle gedurig terugstaan, en dit in hulle eie land? Hierdie toegewings is as kliniese haat teen godsdienstige Jode veroordeel.

Ehud Olmert het die Joodse gemoedere verder opgejaag toe hy 'n paar jaar gelede toegelaat het dat 'n vyfde minaret op die Tempelberg opgerig word. Die Haram ash-Sharif waar dit staan, is van weinig belang vir die Islam. Tydens die Turkse, Britse en Jordaniëse bewind het weinig dit besoek. Die Palestynse belang hierby was duidelik polities van aard. Hulle wou sien of Israel sou toegee.

Hierdie toegewing was vir die Jode 'n bitter pil om te sluk. Waar ander lande hul grondgebied teen vyandige inmenging beskerm het, het Israel selfs aanbouings toegelaat! Toe sekere Ortodokse Jode hierna aansoek gedoen het om 'n sinagoge op die Tempelberg op te rig, is dit afgekeur!

Baie Jode glo dat God hul gebede verhoor en Ehud Barak in Februarie 2001 verwyder het. Hy is deur Ariel Sharon vervang wie se onverwagte besoek daarna aan die Tempelberg nie bloot toevallig was nie. Dis as 'n bestiering van God gesien om wankoersige politici tereg te wys!

### **3. 'n Bose plan**

Die Palestyne wil die hele Tempelberg in 'n Islamitiese aanbiddingsgebied omskep. Toe 'n Israeli feitesending ondersoek na hulle planne wou instel, het WAQF selfs 'n stokkie daarvoor gestee. Daarna het die regering geen vinger verroer toe groot hoeveelhede grond in een van die rykste argeologiese plekke ter wêreld weggery is nie.

Diegene wat daarteen kopsie gemaak het, is as alarmmakers afgeskiet.

WAQF het willens en wetens wette oortree wat verandering aan 'n geskiedkundige plek in Israel, hetsy Islamities, Joods of Christelik, streng verbied. Die Palestyne steur hulle al te duidelik nie aan 'n lamsakkige regering nie! Ten einde wal te gooi, is die *Komitee vir die Voorkoming van Tempelbergbeskadiging* in die lewe geroep.

### **4. 'n Vyandige Amerika**

Amerika het met 184 lande diplomatieke bande, maar nie met Israel nie. Sy erken Jerusalem nie as die hoofstad van Israel nie en het slegs 'n konsulaat in Oos-Jerusalem wat met Palestyne oorleg pleeg en direk aan Washington verslag doen.

Die Amerikaanse Kongres het al telkens ten gunste van die erkenning van Jerusalem as die regmatige hoofstad van Israel gestem, maar is telkens deur die Withuis geveto omdat die president die finale sê oor buitelandse beleid het. Amerikaanse presidente weier om Jerusalem as die regmatige hoofstad van Israel te erken.

Oud president Bill Clinton wou van Israel 'n Palestynse staat met drie provinsies te maak - Judea, Samaria en Gasa. Jerusalem sou die hoofstad wees en Al Quds genoem word. Sy gediensigheid aan die Arabiere het die Jode hewig ontstel. Die Arabiere het vir 1300 jaar die geleentheid gehad om Jerusalem hul hoofstad te maak,



maar dit nie gedoen nie! Die eertydse burgemeester van Jerusalem, Ehud Olmert, het Clinton laat weet dat God sy pogings sou verydel!

## 5. God se hand?

Baie Jode beskou die kroniese mislukking van buitelandse bemiddeling tussen Israel en die Palestyne as 'n bestiering van God. Geen verdrag met die vyand sal slaag nie. Gevolglik probeer die Palestyne tevergeefs om Jerusalem te de-Judaïseer met die hoop dat die Jode sal padgee. Die Derde Tempel sal gebou word, ongeag menslike teenstand. Wie teen God veg, veg tevergeefs (Ps.2).

Sommige Jode beskou selfs die Tweede Wêreldoorlogmenselagting van Jode as 'n straf van God. Hy het die Jode wat in Duitsland was en nie na Israel wou terugkeer om die Derde Tempel te bou nie, gestraf! Hoe durf hulle weer sit en wag? Die bou van die tempel het niks met Palestyne of buitelanders te doen nie, maar met gehoorsaamheid aan God.

Daarom moet die Tempelberg van Islam bevry en die tempel onverwyld gebou word. Die Jode het geen ander verantwoordelikheid as teenoor God nie. Solank as wat die Tempelberg in heidenhande is, word sy Naam onteer. Gevolglik hou God die Joodse volk verantwoordelik vir die gebrek aan daadwerklike optrede. Hulle doen nie wat Hy vra nie!

## 6. Palestynse bedrog

Omdat die Palestyne buitelandse steun en wye nuusmediadekking geniet, huiwer hulle nie om die Jode te benadeel nie. Hulle het meesterlik daarin geslaag om baie mense te oortuig dat hulle die slagoffers van onreg en die Jode die skurke is. In Suid-Afrika het 'n soortgelyke ding gebeur!

Gevolglik beskou talle wankoersige Westerse regerings die sporadiese opwagting van Jode op die Tempelberg as 'n uittarting en ernstige bedreiging vir vredesonderhandelings. Het die Jode dan geen reg op hul eie grondgebied nie? Het hulle nie die kaart en transport van hul land van God ontvang nie? (Gen.12:7; 13:15; 15:18; 17:8; 26:3; 28:13; 35:12). Hierdie grondgebied is nooit aan enige ander volk beloof nie. Daarom het niemand anders enige regmatige aanspraak daarop nie.

Oor een ding stem alle Jode saam – dat Jerusalem internasionaal as die hoofstad van Israel erken word. Dit was deur die eeue heen nog altyd die hoofstad van Israel. 'n Voorstel dat die Palestyne 'n eie hoofstad in Abu Dis, 'n Wesbankvoorstad van Jerusalem, moes aanlê, het tot groot verontwaardiging in die Islamitiese wêreld gelei.

Die hoë profiel wat die Palestyne op die Tempelberg handhaaf, is 'n groot probleem. Toe die Rotskoepel in 1920 met goud beslaan is, was dit alreeds duidelik dat die Islamiete nie van die Tempelberg sou afsien nie. Daarbenewens het wyle Yasser Arafat by geleentheid

gesweer dat die Palestyne nie sou rus alvorens Jerusalem die hoofstad van die Palestynse staat is nie. Die Palestynse TV-netwerk beelddsaai sedert Desember 2007 landkaarte van die hele gebied sonder om die woord *Israel* te gebruik.

Die besit van die Tempelberg gaan ongetwyfeld tot 'n baie groot oorlog lei. *“Kyk, Ek maak Jerusalem vir al die volke rondom tot 'n beker van bedwelming... En in dié dag maak Ek Jerusalem tot 'n baie swaar klip vir al die volke; elkeen wat dit optel, sal hom daarmee sekerlik seermaak; en al die nasies van die aarde sal daarteen vergader”* (Sag.12:2,3).

## HOOFSTUK 9

### DIE GOG-MAGOG OORLOG

#### 1. 'n Beslissende slag

Esegiël het 2600 jaar gelede die herlewing van Israel voorspel (Eseg.36-37). So ook die profeet Sagaria. Hy het gesien dat die Jode na 'n baie lang tyd van verstrooiing weer in Jerusalem deur hul eie mense regeer word (Sag.12-14). Esegiël het voorspel dat 'n konfederasie van vyandige volke Israel in 'n bloedige oorlog gaan probeer vernietig. God gaan egter ingryp en Israel laat wen (Eseg.38-39). Dit word die Gog-Magog oorlog genoem.

Die Christendom, Judaïsme en Islam se leer van die eindtyd (eskatologie) beskryf hierdie oorlog as 'n beslissende wêreldgebeure. Met hierdie laaste oorlog op aarde, gaan 'n deel van Rusland haar met Islamitiese volke verbind om Israel te probeer vernietig. God gaan hulle egter Self verslaan waarna duisende buitelandse Jode na Israel gaan terugkeer:

*“En hulle sal weet dat Ek, die HERE, hulle God is, daarin dat Ek hulle in ballingskap laat gaan het na die nasies, maar hulle weer versamel het in hulle land en dáár niemand meer uit hulle agter laat bly het nie”* (Eseg.39:28).

## 2. Ontwrigting

Islam ontwrig al jare lank die wêreldvrede. Nie net in Westerse lande nie, maar ook in die Ooste. Indië en Pakistan is bv. al jare lank haaks en kan enige oomblik tot 'n volskaalse oorlog oorgaan. Pakistan is 'n Islamitiese republiek en is sedert haar ontstaan (1947) 'n moeilikheidmaker.

In 2006 was Israel in 'n onvervaardlike oorlog met die Islamitiese terreurgroep, Hezbollah, gewikkel. Hierdie terroriste-organisasie is in Libanon gesetel en word deur Sirië en Iran gesteun.

Talle Westerse lande het al onder Islamitiese terroriste deurgeloop. Amerika het op 11 September 2001 'n nare ondervinding gehad toe Islamitiese terroriste twee wolkekrabbers verwoes het. Daarna is London en Madrid deur Islamitiese bomdraers lamgelê.

## 3. Haat

Namate die uurglas uitloop, word die beheer oor Jerusalem al hoe meer op die spits gedryf. Die Joods-Palestynse haatstryd stuur onafwendbaar op oorlog af. Dit dateer uit die dae van Mohammed toe hy van Mekka na Medina gevlug en die plaaslike Jode sy aanspraak as profeet verwerp het. Hy het verneder gevoel en die Jode daarvoor gehaat. Toe dit in die Koran opgeteken is, het hierdie haat ook na alle Islamiete deurgevloei.

Israel se buurlande haat haar almal. Die Palestyne het gesweer om die stryd om Jerusalem nie te laat vaar

alvorens hulle die stad van die Jode afgeneem het nie. Daarvoor geniet hulle die steun van Sirië, Irak, Iran en Egipte. Almal berei hulle vir oorlog voor. Iran is ongetwyfeld die grootste bedreiging omdat sy militêre sowel as ekonomiese bande met Rusland het en oor kernwapens beskik.

Gevolglik het die oorlogswolke nog nooit so duidelik teen Israel opgesteek soos tans nie. Die Palestyne glo dat hulle as wenner uit die stryd gaan tree. In September 2003 het Yasser Arafat gesê dat die Arabiere as martelare na Jerusalem gaan. Hy is intussen oorlede, maar sy gees word nog steeds in Palestynse kringe geadem.

Die Gog-Magog oorlog is voor die deur en gaan omvangryk wees: *"...en hy sal uitgaan om die nasies te verlei...die Gog en die Magog, om hulle te versamel vir die oorlog; en hulle getal is soos die sand van die see"* (Openb.20:8).

## 4. Esegïel se gesig

### 4.1 Die sameswering

Esegïel 38 begin met 'n profesie teen Gog: *"...Kyk, Ek het dit teen jou, o Gog, vors van Ros, Meseg en Tubal..."* (:3). Dis die name van die seuns van Jafet wat hulle eeue tevore noord van Israel gevestig het. Verse 5-6 maak van Persië, Kus, Put, Gomer en Bet Togar in die verre Noorde melding. Persië is vandag Iran, Kus die Soedan en Ethiopië. Put is Libië. Gomer en Bet Togar is noord van die Swartsee en vorm tans die Oekraïne en die westelike

gedeelte van Rusland. Al hierdie nasies is Islamities en omring Israel van alle kante.

Vers 8 meld dat hierdie volke 'n land bedreig wat weens oorlog verkry is en wie se bevolking uit verskillende wêrelddele kom. Dis onteenseglik Israel. Vers 17-23 beskryf die lot wat hierdie invallers gaan tref as God ingryp en hulle vernietig. Die Sesdaagoorlog was 'n voorsmaak daarvan!

#### **4.2 'n Profetiese posseël**

In 1930 het Rusland 'n 14 kopek posseël uitgereik wat die Gog-Magog oorlog uitbeeld - die beeld waarvan Eseg.38:15-16 gewag maak nl. Rusland en haar bondgenote se opmars na Israel. Hierdie seël beeld 'n leër Kosakke-ruiters teen die agtergrond van onweerswolke af wat uit die Noorde op Israel afstorm.

#### **4.3 Lignostone**

Volgens Eseg.39:9 gaan dit Israel sewe jaar neem om die vyandelike wapens na die Gog-Magog oorlog te verbrand. Hoe is dit moontlik? Rusland maak toenemend van Lignostone, 'n merkwaardige Nederlandse produk wat uit 20-30 lae saamgeperste hout bestaan, vir die vervaardiging van wapentuig gebruik. Dis baie ligter en sterker as staal en betreklik elasties. Die enigste nadeel is dat dit maklik brand. Die Nederlanders gebruik dit selfs vir brandstof in hul kragentrales. Rusland voorsien die meeste Arabiese lande van wapens!

#### **4.4 God gryp in**

Eseg.39:12 sê dat Israel vir sewe maande lank die lyke van die vyand gaan begrawe ten einde die land te reinig. Die wêreld sal weet dat God ingegryp en Israel van 'n gewisse uitwissing gered het.

*“En Ek sal my heerlijkheid onder die nasies bring, en al die nasies sal my strafgerig sien wat Ek voltrek het, en my hand wat Ek op hulle gelê het. En die huis van Israel sal weet dat Ek die Here hulle God is, van dié dag af en verder” (:21,22).*

#### **4.5 Vrede ten alle koste**

Ná hierdie oorlog sal die mensdom na vrede smag soos nog nooit tevore nie. En dis presies wat die Antichris die mensdom sal gee – sy vrede in die Derde Tempel!

*“Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barensnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie. Maar julle, broeders, is nie in die duisternis, dat die dag julle soos 'n dief sou oorval nie. Julle is almal kinders van die lig en kinders van die dag; ons is nie van die nag of die duisternis nie. Laat ons dan nie slaap soos die ander nie, maar laat ons waak en nugter wees” (1 Thess.5:3-6).*

## HOOFSTUK 10

### DIE ROOMSE GEVAAR

#### 1. Die beheer van Jerusalem

Die Jode se eis om Jerusalem as hoofstad van Israel erken te kry, word, ironies genoeg, deur mense teengestaan wat nog nooit in hul geskiedenis 'n hoofstad gehad het nie! Die buitelandse steun wat hulle geniet, maak dat die wêreld haar rug op Israel keer.

Die Roomse Kerk is egter Israel se grootste bedreiging. Die Vatikaan bekook al jare lank bese planne om Jerusalem in te palm. En waar is 'n beter plek om te begin as die Tempelberg? Die Vatikaan versterk gedurig haar posisie deur met Joodse volksverraaiers te knoei. Die laaste pous gaan Jerusalem sonder slag of stoot onder die dekmantel van wêreldvrede aan die Vatikaan onderwerp!

Die profeet Daniël het 'n hele paar toekomstgesigte gehad. In die een sien hy 'n wêreldorganisasie (die EU) ontstaan wat tot die herlewing van die Heilige Romeinse Ryk (HRR) lei en uit 10 volksverbandings bestaan. Dis 'n nuwe Europa wat deur Duitsland en die Vatikaan oorheers word.

Die apostel Johannes maak in Openbaring ook hiervan melding as hy sien hoe die tien leiers hulle aan een groot leier onderwerp wat die septer in Europa swaai. Paulus skryf aan die Tessalonisense dat hierdie persoon

wêreldmag gaan hê en mense sal dwing om hom te aanbid.

#### 2. Niks is nuut nie

##### 2.1 Karel die Grote

Rome se belang by Jerusalem strek oor 'n tydperk van meer as 1200 jaar. Dit het by Karel die Grote begin toe hy na sy kroning in 800 nC die droom van 'n HRR in die hart en siel van Europa gelê het. In 962 nC het Otto die Grote Duitsland op die lees van Karel die Grote se droom geskoei.

Karel die Grote het sy hoofstad in Aachen (Duitsland) gehad waar hy 'n groot katedraal laat bou het. In 1910 het Duitse bouers 'n kleiner weergawe daarvan op die Tempelberg opgerig. Dit staan as die Kerk van die Slapende bekend (*Dormition Abbey*).

##### 2.2 Wilhelm II

Keiser Wilhelm II het in 1898 na Jerusalem gereis om twee kerke op die Tempelberg op te rig. Palestina was toe al vir etlike eeue onder Turkse bewind. Die Turke was bondgenote van Duitsland. Keiser Wilhelm II het 'n baie eenvoudige Lutherse kerkie laat bou om sy Protestantse ondersteuners tevrede te stel. Daarna het hy 'n groter kerk (Kerk van die Slapende) laat oprig nadat die Roomse Kerk die Turkse sultan omgekoop het. Van toe af het Rome haar stempel op die Tempelberg as begin afgedruk.

Theodor Herzl, vader van die moderne Sionistiese beweging, het die Roomse Kerk van meet af aan nie vertrou nie. Rome wou Jerusalem hê. Daarom het hy by twee geleenthede met keiser Wilhelm II oor 'n eie Joodse vaderland gaan praat. Die keiser was egter nie vir die vestiging van 'n Joodse vaderland in Palestina te vinde nie.

Duitsland wou al te duidelik die HRR laat herleef en het gejuig toe die keiser Jerusalem in 1898 binnery. Die gesagslyne was toe alreeds skerp getrek; die pous was die geestelike- en die keiser die staatkundige leier. Jerusalem het dus al 'n voorsmaak van die HRR gehad.

### **2.3 Niks het verander nie**

Behalwe dat die huidige pous 'n toegewyde Duitser is, het niks intussen verander nie. Duitsland was altyd die middelpunt van die droom van 'n herlewing van die HRR. Duitse vorste het hulle altyd as die *beskermers* van Europa beskou. Let op die huidige situasie - Benediktus XVI het meer belang by Jerusalem as enigeen van sy voorgangers. Die Vatikaan wil die Tempelberg ten alle koste hê. En daarvoor moet die Jode uit Jerusalem verdryf word!

### **3. 'n Bose besluit**

VN-Besluit 181 wat tydens 'n sitting van die VVO in 1947 geneem is, was die bloudruk vir die regering van die Antichris. Dit het oor die lot van Jerusalem gegaan wat tydens hierdie sitting tot 'n *internasionale stad* verklaar is.

Hierdie besluit het die deure vir vyandelike besitname oopgemaak met die Vatikaan as die dryfkrag agter die skerms.

Pous Johannes Paulus II was later een van die vurigste voorstanders vir die verdeling van Israel wat op die vernietiging van die Joodse vaderland sou neerkom. By geleentheid het hy selfs vir Yasser Arafat op die Tempelberg ontmoet. Hy was soos die dier waarvan Openb.13:11 melding maak wat soos 'n lam lyk, maar soos 'n draak praat!

Europa word toenemend aangemoedig om haar heil onder die Roomse kruis te vind. Islam is enersyds te gevaarlik en sekularisme andersyds te veel van 'n doodloopstraat. Dis natuurlik alles deel van Rome se meesterplan (*Grand Design*) vir die finale gestaltegewing van die HRR.

Daarvolgens moet Jerusalem nooit vry wees nie, maar vol vreemdelinge en beperkings. Die inwoners moet nòg Jode nòg Arabiere wees sodat dit aan 'n wêreldmaghebber onderdanig kan wees (Openb.13:8; 17:12). Daarom is Benediktus XVI hard besig om die Duits oorheerste EU te beweeg om die hart uit Israel te ruk en aan die Vatikaan te oorhandig.

Die Roomse Kerk droom van die finale HRR met Jerusalem as kroon en die Derde Tempel as kroonjuweel. Die Palestyne se opstandigheid teen die Jode laat die haar lus vir 'n laaste kruistog baie sterk ontbrand!

Namate VN-Besluit 181 in die naam van *wêreldvrede* deurgevoer word, trek die strop al stywer om die nek van Israel. Jode word as't ware soos skape na die slagpale gelei, bedwelm deur die leuen dat vrede slegs langs internasionale weë gevind kan word.

#### **4. Skokkende onthullings**

##### **4.1 Joel Bainerman**

Die waarheid is dikwels vreemder as verdigsel. Ongelukkig sien die meeste mense die kultiese trekkrigte, Sataniese dryfvere en bose sleutelspelers wat van Jerusalem besit wil neem nie raak nie.

Joel Bainerman is 'n Joodse verslaggewer wat Rome se sameswering om Israel aan die Vatikaan te onderwerp, gereeld aan die kaak stel. Hy skryf dat die Oslo-verdrag (1993) doelbewus ontwerp is om Israel te vernietig. Die Jode sien dit net nie raak nie.

Bainerman skryf dat die internasionale vredesprosesse niks anders as 'n Vatikaanse rookskerm is om Israel vir die Roomse Kerk te bekom nie. Hy wys op die Roomse Kerk se Babiloniese herkoms en die ongelooflike misleidingskrag wat sy in die naam van verborgenheid voer. Sy doen haarself as Christelik voor, maar is in werklikheid boos!

##### **4.2 Barry Chamish**

In sy boek *Traitors and Carpetbaggers in the Promised Land* lê Barry Chamish, 'n gesaghebbende Joodse

navorsingskrywer, baie klem op die Vatikaan se plan om die Tempelberg te bekom. Hy waarsku mense dat dit Rome se laaste kruistog is en dat miljoene mense deur haar charisma mislei word.

Hy skryf dat Yitzhak Rabin vermoor is toe hy die internasionale komplot teen Israel ontdek het. Hy beskuldig Shimon Peres daarvan dat hy met Europese magte teen Rabin saamgespan het om hul bose agenda te bevorder. Waarom is Rabin se sluipmoordenaars nooit aangekeer of Chamish vir naamskending gedagvaar nie? Dan moet dit mos waar wees!

#### **5. Padkaart na die dood**

Die Islamiëte se ontwrigting van wêreldvrede neem tans soveel mense se aandag in beslag, dat die grootste bedreiging van alle tye nie bemerk word nie nl. die opkoms van 'n Duits-georkestreerde Europese Unie (EU). Die prysgawe van Jerusalem is 'n uitgemaakte saak. Israel het met die ondertekening van die Oslo-verdrag (1993) self daartoe ingestem. Dis 'n padkaart na die dood!

Hierdie verdrag het die aandag van die wêreld opnuut op Jerusalem gevestig. Twee magte is tans besig om vir haar siel mee te ding. Op die ou einde gaan Jerusalem met behulp van vredesmakers sonder slag of stoot in die hande van 'n derde mag beland.

In internasionale kringe draai alles vandag om die as van vrede. Die mensdom is sat vir oorlog en geweld en sal

enigiets steun wat vrede kan bring. Daarom gaan die EU soos die spreekwoordelike ridder op die wit perd tot Israel se redding kom. Die Jode gaan al haar leuens van *vrede en veiligheid* glo!

Die EU se vredesbemiddelaars gaan vir Israel geen vrede bring nie, maar haar aan die Vatikaan vasketting. In die verwarring wat daarna ontstaan, sal die Jode soos klei in die hande van die Vatikaan wees. Daarna sal Rome met al haar teenstanders begin afreken. Die oorlogsverhoog word alreeds voorberei!

Die Vatikaan is hard besig om hul *Imperial Restoration* te bevorder. Hierdie bedenklige orde wil miljoene mense laat glo dat die Roomse Kerk die enigste liggaam is wat blywende wêreldvrede kan bring. Pous Benediktus XVI het nie om dowe neute gesê dat hy die hele Europa van die Atlantiese See tot by die Oeralberge wil verenig nie.

Die Vatikaan se besitname van die Tempelberg gaan 'n nagmerrie wees. Die pous gaan sy onskuldige voorkoms gebruik om die Satansryk in die naam van die *Pax Romana* (vrede van Rome) te laat herleef. Rome sal nie terugdeins om hierdie mag te bekom nie al moet sy oor die lyke van miljoene teenstanders loop!

## **6. Die onlangse besoek**

Duisende Jode was uiters besorg oor Benediktus XVI se besoek in Mei 2009 aan Israel; veral oor die toegewings wat die Israëli regering aan die Vatikaan gemaak het. Die

Vatikaan is al te duidelik besig om 'n polities-godsdienstige houvas op Israel te verkry.

Pas na die pous se besoek aan Israel het die Sanhedrin 'n dringende waarskuwing aan die regering gerig. Indien hulle enige nasionale, geskiedkundige of godsdienstige Joodse bates aan die Roomse Kerk gaan oordra, sal die Sanhedrin dit ongeldig laat verklaar!



## HOOFSTUK 11

### DIE WARE TEMPEL

#### 1. Die nuwe verbond

Die *Tempelgenootskap* samel tans wêreldwyd fondse vir die bou van die Derde Tempel in. Selfs onder Christene. Gelowiges durf geen bydrae maak nie! Die vernietiging van die Tweede Tempel was 'n duidelike teken dat die Jode nie meer God se uitverkore volk was nie. Hy het sy goddelike guns aan 'n nuwe Israel gegee.

*“Ek weet dat julle die geslag van Abraham is; maar julle probeer om My om die lewe te bring, omdat my woord geen ingang in julle vind nie”* (Joh.8:37).

*“Ook nie omdat hulle Abraham se nageslag is, is hulle almal kinders nie...”* (Rom.9:7).

*“En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename”* (Gal.3:29).

God het 'n nuwe verbond met gelowiges aangegaan.

*“Kyk, daar kom dae, spreek die Here, dat Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit; nie soos die verbond wat Ek met julle vaders gesluit het ... Maar dit is die verbond wat Ek ná diè dae met die huis van Israel sal sluit...Ek gee my wet in hulle binneste en skrywe dit op hulle hart...En hulle sal nie meer elkeen sy naaste en elkeen sy broer leer ken nie en sê: Ken die Here;*

*want hulle sal My almal ken...want Ek sal hulle ongeregtigheid vergewe en aan hulle sonde nie meer dink nie”* (Jer.31:31-34).

Hierdie nuwe verbond word aan 'n inwoning van die Heilige Gees gekenmerk.

*“En Ek sal julle 'n nuwe hart gee en 'n nuwe gees in julle binneste gee; en Ek sal die hart van klip uit julle vlees wegneem en julle 'n hart van vlees gee. En Ek sal my Gees in julle binneste gee en sal maak dat julle in my insettinge wandel en my verordeninge onderhou en doen”* (Eseg.36:26,27).

#### 2. 'n Nuwe tempel

Die nuwe verbond het ook 'n nuwe tempel - gelowiges se liggaam.

*“Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God ontvang het, en dat julle nie aan julleself behoort nie? Want julle is duur gekoop. Verheerlik God dan in julle liggaam en in julle gees wat aan God behoort”* (1 Kor.6:19,20).

Dit sluit by Christus se woorde in Joh.2:19 aan: *“Jesus antwoord en sê vir hulle: Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek dit oprig.* In vers 21 verklaar Johannes dit: *“Maar Hy het oor die tempel van sy liggaam gespreek”* (:21).

Petrus praat ook van die nuwe tempel: *“Kom na Hom toe, die lewende steen wat deur die mense wel verwerp is,*

*maar by God uitverkore en kosbaar is; en laat julle ook soos lewende stene opbou, tot 'n geestelike huis, 'n heilige priesterdom, om geestelike offers te bring wat aan God welgevallig is deur Jesus Christus" (1 Pet.2:4,5).*

Gelowiges is deel van hierdie liggaam van Christus (die kerk). *"Weet julle nie dat julle 'n tempel van God is en die Gees van God in julle woon nie?" (1 Kor.3:16).* Paulus praat van 'n *nuwe tempel* terwyl die ou een nog op die Tempelberg gestaan het. Wat 'n ingrypende verandering moes daar nie in die gedagtegang van die gelowiges plaasgevind het nie! Dit het geheel en al van die tradisionele opvatting verskil.

Die bou van die Derde Tempel sal vir gelowiges geen geestelike waarde hê nie. *"En Jesus antwoord en sê vir hom: Sien jy hierdie groot geboue? Daar sal sekerlik nie een klip op die ander gelaat word wat nie afgebreek sal word nie!" (Mark.13:2).*

### **3. Die enigste doel van die Derde Tempel**

Die mensdom smag na vrede en die Antichris gaan dit oënskynlik gee. Daarvoor het hy 'n platvorm nodig – die Derde Tempel. Hy gaan geen ware vrede bring nie, maar 'n valse vrede wat mense onkant gaan betrap. *"Want wanneer hulle sê: Vrede en veiligheid – dan oorval 'n skielike verderf hulle soos die barendsnood 'n swanger vrou, en hulle sal sekerlik nie ontvlug nie" (1 Thess. 5:3).*

Christus keer nie ter wille van 'n valse vredesverdrag terug aarde toe nie. Nog minder kom Hy die herinstelling

van die offerdiens in tempel betrag. Hy kom om 'n einde aan alles te maak en die mensdom te oordeel (Openb.20:11-15).

Die bou van die Derde Tempel is wel deel van God se eindtydplan met die wêreld. Hierdie gebou gaan egter 'n heel ander doel dien. Dit gaan nie tot God se eer strek nie. Dis die hoofkwartier van die Antichris!

### **5. 'n Voorafskaduwing**

Gelowiges het geen gemene sake met diegene wat Christus verwerp nie. Wie die bou van die Derde Tempel ondersteun, minag in werklikheid die soenoffer van Christus. Die skrywer van die Hebreërbrief waarsku juis hierteen!

*"...wat nie elke dag nodig het, soos die hoëpriesters, om eers vir sy eie sondes te offers te bring en dan vir dié van die volk nie. Want dit het Hy net eenmaal gedoen toe Hy Homself geoffer het" (Hebr.7:27).*

*"Nadat Hy hierbo gespreek het: Slagoffer en spysoffer en brandoffers en sondoffers wou U nie hê en het U nie behaag nie – wat volgens die wet geoffer word – het Hy daarna gesê: Kyk, Ek kom om U wil te doen, o God. Hy neem die eerste weg om die tweede te stel. Deur hierdie wil is ons geheilig deur die offer van die liggaam van Jesus Christus, net een maal. En elke priester staan wel dag vir dag om die diens waar te neem en dikwels dieselfde slagoffers te bring wat tog nooit die sondes kan wegneem nie" (Hebr.10:8-11).*

Hebreërs verklaar die boek Levitikus. Dit wys gelowiges hoe al die beginsels van die wet in Christus vervul is. Die skrywer daarvan sê dat God deur Christus baie meer aan gelowiges gegee het as wat Hy ooit deur Moses aan hulle gegee het. Daarom het die tempelgordyn geskeur toe Christus gesterf het. Die wet is vervul.

## 6. Die Jode luister nie

Die Tweede Tempel is juis verwoes omdat die Jode Christus as Messias verwerp het. God het hulle gestraf deur beide die stad en die tempel te vernietig soos Daniël eeue tevore voorspel het. Ten spyte van alles wil hulle nog steeds nie luister nie. Die Jode het die eerste geleentheid gehad om Christus as die Messias te aanvaar, maar het nie. Vandag wil hulle as't ware hul tempel terughê sonder om hulle tot Christus te bekeer!

Indien hulle Christus 2000 jaar gelede as Messias aanvaar het, was die tempel nie verwoes en die Jode nie verstrooi nie. Vandag probeer hulle hierdie situasie omkeer sonder om hulle fout te herstel. Dit gebeur as mense die Ou Testament, maar nie vir Christus het nie.

Derhalwe het gelowiges geen belang by 'n Derde Tempel nie. Behalwe dat dit nie tot die eer van Christus strek nie, is daar nêrens in die Nuwe Testament enige opdrag om 'n derde tempel te bou nie. Die enigste aandag wat dit sal trek, is dat dit die laaste dae op aarde sal aandui. Die naderende voetstappe van Christus sal met elke hamer en bytelslag gepaard gaan.

## Slotopmerking

Die mensdom is baie na aan die einde en Israel in 'n baie moeilike situasie. Eendersyds staan sy op die vooraand van groot dinge. Andersyds trek sy al hoe meer vyandelike vuur op haar.

Daar sal egter geen *vrede* in Israel wees alvorens die Tempelberg nie van Islam bevry is nie. Israel sal baie streng teen haar vyande en knievallige politici moet optree en nie huiwer om dinge te doen wat soos skokgolwe oor die aarde gaan trek nie. Dit wat tans in Israel ontbreek, gaan wel gebeur. Haar slothoofstuk is immers reeds geskryf!

Alhoewel die Derde Tempel sentraal in die Jode se toekomsverwagting staan, staan dit ook in die teken van 'n voortgesette verwerping van Christus as die Verlosser. Ten spyte daarvan dat Hy eenmalig vir die sonde van die wêreld in Jerusalem geoffer is, probeer die Jode nog steeds die bloed van offerdiere as 'n versoeningsoffer vir hul sonde aanbied. Dis voorwaar tragies!